

# Memorandum: Leerderboek

---

## Kwartaal 1

Week 1 en 2

### Jou super-woef

#### Aktiwiteit 1: Ore is vir luister

Vrae en voorgestelde antwoorde

**Prent 1:**

1. Hier sê die meisie dat sy nie kwaad is nie. Sal jy haar glo? Hoekom nie?

**Haar woorde sê dat sy nie kwaad is nie, maar haar stemtoon en uitroep dui daarop dat sy ontsteld is. Haar houding wys ook sy is kwaad.**

**Prent 2:**

2. Wat lei jy uit die taalgebruik en woordeskat van die persoon in die prentjie af?

**Jy kan aflei dat hy slim, geleerd en 'n mediese dokter is.**

**Prent 3:**

3. Watter afleiding kan jy ten opsigte van die dogtertjie se ouderdom maak?

**Sy is jonk, want sy kan nog nie die r-klank sê nie.**

**Prent 4:**

4. Noem twee dinge waaruit jy kan aflei dat hierdie 'n jong musikant is.

**Hy het 'n moderne haarstyl en klere. Hy praat van *song* en het 'n kitaar in die hand.**

#### Aktiwiteit 2: Hoe goed luister jy?

##### **Luisterteks**

##### **Elke hond kry sy dag**

1. Pippie het elke dag by die hondeskool **geháát**. Rex het hom nie net gespot omdat hy 'n **klein** brakkie is nie, maar ook daagliks sy kos **gulsig verslind** dat die slym en spoeg in drade op die grond sleep. Pippie het hierdie afknouery maar gedwee aanvaar, want daar was nie veel wat so 'n **klein hondjie** teen die **reuse Great Dane** kon doen nie ...
2. Pippie sluip vinnig by die agterste hek van die skool in. Dit is vir hom beter as hy ongesiens by die ander honde aansluit. Hy weet nie hoekom Rex altyd hom uitsoek om te boelie nie. Net gister het Rex vir 'n **volle halfuur** vir Pippie met sy groot, swaar voorpoot vasgepen. En dit terwyl die ander honde **kraai van die lag**. Pippie het sy hondenaeltjies al afgekou soos die senuwees knaag. En die ergste van alles is dat hy weet dat 'n Doberman Pincher 'n hondjie is wat vir altyd klein bly. Al eet hy wat Pippie is, **al sy hondeblokkies op!**
3. Die heining aan die onderkant is dig toegegroeï en die honde moet daagliks soontoe om **nuwe balvaardighede** aan te leer. Jaco, die hondemeester leer die honde om allerhande toertjies met die balle uit te voer. Pippie hou baie daarvan, want as Rex 'n paar keer moes uithaal om die bal te gaan kry, is hy baie moeg en minder lus om met Pippie te sukkel.
4. Rex dink seker Pippie is 'n **hoender**, want hy pik heeldag op hom! "Dalk is dit uit jaloesie," het Bertus bulhond een dag opgemerk. "Ek het al gesien hoe kyk Rex as Jaco jou optel en op

sy skoot hou. Kan dit jaloesie wees?” het Pippie gedink terwyl hy onder ’n ou stoel skuiling soek teen die **happende kake** van ’n Rex wat nader storm.

- Al die honde word nader geroep. Jaco gaan staan teen die heining met ’n stok wat ’n bal vooraan die punt het. Pippie staan ook nader en probeer agter Jaco se broekspype skuil. ’n **Sagte sssss siggeluid** trek Pippie se aandag. Rex staan aan die ander kant van Jaco en probeer na die bal hap.
- Soos blits skiet Pippie vorentoe en kry die slang agter die kop beet. Toe Jaco besef wat gebeur, gryp hy die stok en **pen die slang teen die grond vas**. Rex besef dat hy sentimeters van die slang was en hardloop stert tussen die bene na veiligheid.
- Jaco gooi die slang in ’n sak en skakel die natuurbewaringsbeampte wat ’n rukkie later die slang kom haal om in die natuurresewaat vry te laat.
- “Jy is ’n held!”** sê Jaco en tel Pippie op. “Die spreekwoord sê **gif** kom in klein botteltjies, maar leeuemoed ook!” sê hy terwyl hy oor Pippie se kop vryf.
- Pippie kyk op en sien Rex eenkant staan – steeds met die stert tussen die bene! Hy glimlag en sê: **“Elke hond kry sy dag!”**

### Vrae en voorgestelde antwoorde

- Hoe weet jy dat Pippie niks van skool gehou het nie? Noem twee sake waaruit jy dit kan aflei.  
**Die woordkeuse geháát. Die beklemtoning van hierdie woord.**
- Watter kontras is daar tussen Pippie en Rex? Hoe sluit hulle name hierby aan?  
**’n Klein hondjie teenoor ’n groot hond. Pippie se naam is eintlik ’n verkleinwoord wat daarop dui dat hy ’n klein hondjie is. Rex se naam pas by sy groot lyf. Dit klink soos ’n groot hond.**
- Wat het die ander honde gedoen as Rex vir Pippie met sy poot teen die grond vaspen?  
**Hulle het gekraai van die lag. Dit is ironies, want honde kan nie lag nie.**
- Menslike eienskappe word in hierdie verhaal aan die diere gegee. Gee ’n goeie voorbeeld om hierdie stelling te bewys.  
**Honde wat kraai van die lag of Pippie wat sy toonnaels afkou van senuweeagtigheid.**
- Kon Pippie iets aan hierdie afknouery doen? Verduidelik.  
**Nee, hy kon nie. Hy is ’n klein soort ras en al vreet hy baie, sal hy nooit ’n groot hond word nie.**
- Wat het Jaco, die hondemeester, die honde geleer?  
**Balvaardighede.**
- Watter uitkoms het dit vir Pippie gebring as Jaco hulle met die bal laat speel het?  
**Rex was dan so pootuit van die rondhardlopery dat hy te moeg was om met Pippie te sukkel.**
- Watter klanknabootsende geluid het Pippie se aandag getrek?  
**Die ssssisgелuid van die slang.**
- Het hulle die slang doodgemaak? Motiveer jou antwoord.  
**Nee, net gevang en in die natuurresewaat gaan loslaat.**
- Hoe weet Pippie dat Rex bang vir die slang was?  
**Hy het stert tussen die bene weggehardloop.**
- Luister weer na paragraaf 8. Haal een woord aan wat Pippie se gedrag die beste beskryf.

## Leeuemoed.

12. Wat beteken die uitdrukking *elke hond kry sy dag*?

**Elkeen kry sy dag van geluk, wraak of vergelding.**

**Aktiwiteit 3: Vertel 'n storie oor jou gunsteling hond [Formele assesseringstaak 1]**

**Aktiwiteit 4: Soorte vertellers**

**Aktiwiteit 5: Kortverhaal: Nero deur Jaco Jacobs**

## **Aktiwiteit 6: So praat jou troeteldier met jou**

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Hoekom word die hond in die voorgrond so groot uitgebeeld?

**Hierdie teks handel oor honde en daarom word die hond as fokuspunt in die voorgrond geplaas.**

2. Die titel is *So praat jou troeteldier met jou*. Kan 'n troeteldier regtig met 'n mens praat? Wat noem ons die beeldspraak as menslike eienskappe aan 'n dier toegevoeg word?

**Ons noem dit personifikasie. Dit is wanneer menslike eienskappe aan natuurverskynsels, abstrakte begrippe en lewelose dinge gegee word. Byvoorbeeld: Die wind huil om die hoeke van die huis, die bome sug, ensovoorts.**

3. Hoe weet jy as jou hond wil speel?

**Hy laat sak sy voorste deel van sy lyf terwyl hy sy boude in die lug hou.**

4. Wat word deur die bruin agtergrond uitgebeeld?

**Dit is die heining van byvoorbeeld 'n erf.**

5. Bestudeer die prentjie waar die hond aggressief uitgebeeld word. Wat is die verband tussen die prentjie en dit wat daar geskryf staan?

**Die prentjie beeld die aggressiewe hond wat beskryf word, uit.**

6. Bestudeer die inligting wat links bo in die ronde bal geskryf is.

6.1 Daar staan dat katte spin. Skryf die geluid wat 'n kat maak, neer. Onthou om reg te spel!

**Miaau.**

6.2 Met hulle lywe wys diere hoe hulle voel. Haal 'n woord uit hierdie teks aan wat daarop dui dat hulle liggame praat.

**Lyftaal.**

7. Hoe weet jy as jou hond skuldig is?

**Hy trek sy ore agtertoe, laat sak sy stert en kruip weg.**

## **Aktiwiteit 7: Begripsoefening**

### **Opdrag 1: Honde – die mense se beste vriend**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Hoe word dit in die titel (opskrif) uitgehef dat 'n hond 'n mens se beste vriend is?

**Die woorde *beste vriend* is groter gedruk.**

2. Watter enkele woord in die subopskrif dui aan dat die hond al lank deel van die mens se lewe is?

**Eeue.**

3. Hoe lank gelede is honde vir die eerste keer mak gemaak? Watter tegniek het jy gebruik om hierdie antwoord te kry?  
**12 000 jaar gelede. Soeklees.**
4. Wat is 'n karnivoor (paragraaf 1)?  
**'n Vleisetende soogdier.**
5. Sowat 3 000 jaar gelede is begin om hulle te teel om vee aan te keer (paragraaf 3). Is hierdie 'n feit of 'n mening? Gee 'n rede vir jou antwoord.  
**Hierdie is 'n mening. Die woord sowat dui nie op 'n presiese getal nie.**
6. Noem twee belangrike rolle wat honde in die samelewing speel.  
**Enige twee: help polisie dwelms uitsnuffel/is gidshonde vir blindes/word gebruik om skape aan te jaag.**
7. Waarvoor word die honde meestal aangehou?  
**Geselskapdiere/troeteldiere.**

### **Opdrag 2: Ek laaik Maaik**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Haal 'n klanknabootsende woord uit die strokie vir ...
  - 1.1 die hond se gromgeluid  
**Grrr.**
  - 1.2 die hond se grom- en blafgeluid.  
**Njarr-r.**
2. Verduidelik die misverstand wat hier plaasgevind het.  
**Die man het gepraat van die hond wat langs Maaik staan en Maaik het van sy eie hond gepraat.**
3. Watter tyd het die polisieman by Maaik se huis opgedaag? Waaruit maak jy hierdie afleiding?  
**In die aand. Dit is donker.**
4. Wat beteken die woord *katswink* in raampie 1?  
**Bewusteloos.**
5. Kyk mooi na raampie 2. Hoe weet jy dat die polisieman nie net met woorde praat nie?  
**Sy hande praat saam, hy beduie met sy hande.**
6. Wat sê Maaik eintlik in raampie 3? Watter afleiding kan jy omtrent die hond maak?  
**Dit was 'n verwoestende aanval van 'n hond. Die hond het hom met mening aangeval.**

#### **Aktiwiteit 8: Verbeter jou skryfstyl met vergelykings**

#### **Aktiwiteit 9: Skryf 'n paragraaf**

#### **Aktiwiteit 10: Hoe goed kan jy spel?**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

By elkeen van die onderstaande sinne is daar één woord verkeerd gespél. Leerders toets hulle spelling deur slegs dié woord korrek neer te skryf:

1. Dit is baie **interessant** om te lees oor verskillende soorte honde.
2. Die vet hond moet op 'n **dieet (sonder deelteken)** gaan om gewig te verloor.

3. Dis gevaarlik as jou hond in die straat speel, jaag hom dadelik **huis toe**.
4. Was jou hond dikwels met hondesjampoe en droog hom met 'n **handdoek** af.
5. As 'n hond siek word, moet jy hom **onmiddellik** veearts toe neem.
6. Die hond het met 'n **vlermuis (sonder kappie)** in sy bek by die huis opgedaag.
7. Wil jy 'n **kolossale** hond koop of 'n klein stoftrappertjie?
8. Die dogter het 'n wonderlike dag saam met haar hond deurgebring en baie pret **gehad**.

### Aktiwiteit 11: My eie spellys

### Aktiwiteit 12: Spelling: Jou super-woef

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Die woord *sê* kom in die subopskrif voor. Skryf die volgende soortname oor en plaas kappies op die regte letter waar nodig.

Vlermuis, kerel, kombes, sker.

**Vlermuis (geen kappie nie), kêrel, kombes (geen kappie nie), skêr.**

2. Klankgrepe (hoe ons die woord uitspreek) en lettergrepe verskil.

2.1 Dui eers die woord *brakke* se klankgrepe en daarna die lettergrepe aan.

**Klankgrepe = bra – (k)ke. Lettergrepe = brak – ke.**

2.2 Wat merk jy op oor die klankgrepe en lettergrepe van die woord *afsluit* (paragraaf 2)?

**Die klankgrepe en lettergrepe is presies dieselfde: af – sluit.**

3. Die woord *binne-oor* (paragraaf 2) word met 'n koppelteken geskryf omdat daar 'n opeenhoping van klinkers / vokale is. Om watter rede word 'n koppelteken in die volgende woorde gebruik?

3.1 fluit-fluit – **Herhalingsamestelling.**

3.2 asma-aanval – **Opeenvolging van klinkers / vokale.**

4. As 'n woord in 'n sin beklemtoon word, kan dit die betekenis van 'n sin verander. 'n Aksentteken word gewoonlik gebruik om 'n woord te beklemtoon, byvoorbeeld:

Die gesin het net één hond gehad.

Gebruik die aksentteken om die **vetgedrukte** woord te beklemtoon en dui die verskil in betekenis aan.

4.1 Honde kan **vier** keer beter as mense hoor.

**Honde kan *viër* keer beter as mense hoor. Dit dui die getal aan – vier keer en nie vyf of ses keer nie.**

4.2 Honde kan vier keer beter as **mense** hoor.

**Honde kan vier keer beter as *ménse* hoor. Dit dui aan dat honde se gehoor beter as mense s'n is en nie byvoorbeeld ander diere nie.**

5. Die woord *hoër* word met 'n deelteken geskryf om die begin van 'n nuwe lettergreep aan te dui. Skryf die volgende woorde oor en sit deelttekens op. Nie al die woorde kry deelttekens nie!

Beïnvloed, moeer, dieet, koördineer.

**Beïnvloed, moeër, dieet (geen deelteken), koördineer.**

6. In elke woord is daar 'n lettergreep wat die hoofklem dra. Die woord *konyn* (paragraaf 2) se klem is op die laaste lettergreep. Skryf die volgende woorde oor en onderstreep die lettergreep wat beklemtoon word met uitspraak:
- 6.1 geluide (paragraaf 2) – **geluide**.
- 6.2 elektriese (paragraaf 3) – **elektriese**.
- 6.3 bonatuurlike (paragraaf 4) – **bonatuurlike**.
7. In paragraaf 5 word die woorde *jou ma s'n* gebruik om besitting aan te dui. Let op die spelling van die woord *s'n* (nie *sin* nie). Kies die korrekte woord in die volgende sinne:
- 7.1 Hy maak 'n (**sin** / s'n) met die woord hond.
- 7.2 Die hond is Johan (sin / **s'n**).
8. Gee die korrekte vorm van die woord *muf* (paragraaf 6) in die volgende sin:  
Hy het (muf) brood geëet. **Muwwe**.
9. Skryf die betekenis van die volgende idiome neer.
- 9.1 Die hond in die pot vind.  
**Hy daag te laat vir ete op. Die oorskiet is reeds vir die hond gegee.**
- 9.2 Blaffende honde byt nie.  
**Mense wat die meeste praat, doen gewoonlik die minste.**
10. Vorm 'n abstrakte selfstandige naamwoord van die woord tussen hakies:  
Van (opgewonde) het die hond op en af gespring.  
**Opgewondenheid.**
11. Die woord *Wagter* (paragraaf 3) is 'n eienaam. Gebruik nou die woord *wagter* as 'n soortnaam in 'n sin.  
**Die wagter pas die skape op.**
12. Skryf die onderstaande stelsin in die verlede tyd:  
Jy sien dalk nie altyd jou kat in die boom raak nie.  
**Jy het dalk nie altyd jou kat in die boom raakgesien nie.**
13. Skryf die volgende sinne oor en voorsien van leestekens en hoofletters waar nodig.  
die brak se naam is brakkenjan hy eet graag vleis biltong en droëwors  
**Die brak se naam is Brakkenjan. Hy eet graag: vleis, biltong en droë wors.**

## Week 3 en 4

# Dis alles in 'n rympie

### Aktiwiteit 13: Luister en praat oor 'n gedig

#### ***Luisterteks***

#### **Is Jy die Mooiste MONSTER?**

is jy 'n monstermeisie  
wat oorloop van ambisie?  
dan moet jy jou inskryf  
vir die Mejuffrou monster-kompetisie

het jy die meeste vratte?  
is jou toonnaels die dikste?  
kan jy die hardste winde breek?  
is jy die ongeskikste?

*Lees die res van die gedig aan die leerders voor of laat hulle na die voorlesing daarvan luister.*

as jy spog met skilfers  
en 'n haardos propvol luise  
kan jy jou gereed maak  
vir wonderlike pryse

met minder as drie bene  
is jou kans op wen maar skraal  
en as jou stert te kort is  
haal jy ook nie die paal

het jy mooi blou ogies  
en 'n pragtige-sagte vel?  
dan gaan jy heel laaste kom  
dit waarborg ek jou wel

sê jy *asseblief* en *dankie*  
soos jou ma jou leer?  
vir sulke goeie maniere  
word jy gediskwalifiseer

vir neuskrap, brul en verspoeg  
rusie maak en stry  
kan jy in dié kompetisie  
hope punte kry

stroopsoet, blonde meisies

word nooit-nooit-ooit gekies nie  
net monsters mag hul inskryf  
vir die Mejuffrou Monster-kompetisie

Geskryf deur Jaco Jacobs, geneem uit *WURMS met TAMATIESOUS en ander lawwe rympies*, uitgegee deur Lapa.

### **Opdrag 1: Mej. Monsterkompetisie**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

Leerders beantwoord die volgende vrae in hulle boeke.

1. Watter woord in die opskrif (titel) word uitgehef? Wat het die digter gebruik om hierdie woord mee uit te hef?

**MONSTER. Hoofletters.**

2. Die tweede strofe is 'n klomp vrae.

2.1 Word hierdie vrae beantwoord?

**Nee, hierdie vrae word nie beantwoord nie.**

2.2 Wat word vrae genoem wat nie beantwoord word nie?

**Retoriese vrae.**

2.3 Waarom word hierdie klomp vrae gevra?

**Dit trek die aandag van die persoon wat die gedig lees.**

3. Hoe moet jou hare lyk as jy wonderlike pryse wil wen?

**Vol skilfers en luise.**

4. Gaan die meisie met die mooi blou ogies en 'n pragtige vel dié kompetisie wen? Hoeveelste gaan sy kom?

**Nee, sy gaan laaste kom.**

5. As 'n mens *asseblief* en *dankie* sê het jy goeie ... **maniere.**

6. Noem twee goed waarvoor 'n mens in dié kompetisie hope punte kry.

**Enige twee: neuskrap, brul, verspoeg, rusie maak, stry.**

7. Die herhaling van watter woorde beklemtoon dat stroopsoet blonde meisies nie gekies word nie?

**Nooit-nooit-ooit.**

#### **Aktiwiteit 14: Voorbereide hardoplees**

#### **Aktiwiteit 15: Die wêreld se beste boek**

##### **Opdrag 1: Die omslag en inhoudsopgawe**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

Bestudeer die **omslag** van die boek.

1. Wat is die titel van hierdie boek?

**Die wêreld se beste boek.**

2. Waarom is hierdie titel ongewoon en anders?

**Dit is asof dit nie 'n titel is nie, maar eerder 'n beskrywing.**

3. Hoe word die leser se aandag op die titel van die boek gevestig?



**Dit staan in die middel van die kring. Kleur en hoofletters word gebruik om dit uit te laat staan.**

4. As jy net na die omslag kyk, waarom dink jy handel hierdie boek? *Wenk:* Die woorde vinnigste, koudste, ensovoorts kan jou 'n leidraad gee.

**Dit gaan oor dit wat die vinnigste, koudste, ensovoorts is.**

Bestudeer die **inhoudsopgawe** van die boek.

4. Waarna verwys die getalle wat agter die woorde aangebring is?

**Dit verwys na die bladsynommers waarop dit gevind kan word.**

5. Met watter afdelings hou die prent aan die linkerkant verband? Noem twee.

**Dit is 'n boom en 'n plant. Dit hou moontlik verband met die volgende afdelings: Die oudste bome, Die grootste en beste bome, Die vreemdste plante (enige twee).**

6. Wat is 'n bedreigde spesie?

**Dit is 'n plant of dier wat besig is om uit te sterf. Daar is min van dié soort in die natuur oor.**

## **Opdrag 2: Die inleiding**

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Haal 'n voorbeeld van 'n klanknabootsende woord uit paragraaf 2 aan.

**Knal.**

2. Hoe word die beste grap in die wêreld in hierdie leesstuk uitgehef?

**Dit is in 'n raampie en daar is 'n prent daarby.**

3. Dink jy dat dit die beste grap is wat jy al ooit gehoor het? Skryf neer waarom jy van die grap hou of nie hou nie.

**Leerdere gee hulle eie antwoorde. Ja, ek het van hierdie grap gehou, want die onverwagte gebeur.**

**Nee, dit is vir my glad nie snaaks nie. 'n Mens is kosbaar en dit is wreed om iemand sommer dood te skiet. Enige toepaslike antwoord.**

4. Haal 'n woord uit paragraaf 7 aan wat dieselfde beteken as *stry*.

**Betwis beteken dieselfde as *stry*.**

5. Skryf woorde neer wat dieselfde beteken (dus 'n sinoniem) as *persoonlike opinie* (paragraaf 6).

**Eie mening.**

6. Die woord *koningin* kom in paragraaf 6 voor. Gee die verkleining van:

6.1 koningin – **koninginnetjie.**

6.2 koning – **koninkie** (die g val weg en die -kie word aangevoeg: koninkie).

7. Die oortreffende trap van 'n klomp woorde word in paragraaf 7 gebruik. Skryf die intensiewe vorm (byvoorbeeld rooi – bloedrooi) van die volgende woorde neer.

7.1 hoogste (baie hoog is ...) – **hemelhoog.**

7.2 kleinste (baie klein is ...) – **piepklein.**

7.3 duurste (baie duur is ...) – **peperduur.**

8. Let op die spelling van ...

8.1 nooddienste (die eerste woord eindig op 'n d en die tweede begin met 'n d)

8.2 snaaksste (die woord *snaaks* eindig met 'n s en kry dan die -ste aan om die vergrotende trap aan te dui)

Leerdere skryf hierdie twee woorde in hulle spellys neer.

### Aktiwiteit 16: Poësie

### Aktiwiteit 17: Skryf 'n gedig

### Aktiwiteit 18: Jy gaan verseker gril in dié restaurant

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Die eerste drie versreëls word gebruik om die mense te verwelkom en nader te roep. Watter tegniek word gebruik om die mense na binne te roep?

**Herhaling van die woorde *staan nader, staan nader*.**

2. Waarom is die diens *dooierig* (versreël 5)? Watter twee betekenisse kan aan die woord geheg word?

**As 'n mens nie vinnig bedien word nie, is die diens stadig (dooierig). In hierdie geval is die kelner al lankal dood (dus dooierig).**

3. Ons kry oulike woordspeling in hierdie gedig ten opsigte van die drie gange van 'n maaltyd. Skryf die drie woorde neer (versreël 9, 14 en 18) en verduidelik die woordspeling.

**Hóófgereg is menskoppe (hoofde).**

**Goorgereg vir voorgereg – dit dui aan dat dié gereg goor (sleg) gaan wees.**

**Naargereg vir nagereg – dit dui aan dat jy gaan naard word as jy dié gereg gaan eet.**

4. Die woorde *drankie bestel* kom in versreël 7 voor. Gee die korrekte vorm van dié woord in die volgende sin:

Hy het die (bestel) geplaas. **Bestelling.**

5. Die woorde in versreël 9 is van toepassing: *ons hóófgereg is presies wat dit sê:*

5.1 Wat is die funksie van die dubbelpunt in hierdie versreël?

**'n Verklaring volg van wat die hoofgereg is (sê).**

5.2 Skryf nou die volgende sin oor en gebruik die korrekte leestekens en hoofletters: pa sê eet nou dadelik jou kos

**Pa sê: "Eet nou dadelik jou kos!"**

6. Die woorde *af te sluit* (versreël 17) word los geskryf. Gebruik nou die woord *afsluit* (vas geskryf) in 'n sin.

**'n Sin met afsluit as één woord: As jy wil afsluit, moet jy gou sê. Enige gepaste sin.**

7. Bestudeer versreël 21.

7.1 Wat het gebeur dat daar so baie vrae in hierdie versreël gevra word?

**Die persoon moet heftig gereageer het (dalk naard of bleek geword).**

7.2 Wat noem ons hierdie soort vrae waarop daar nie 'n antwoord verwag word nie?

**Retoriese vrae.**

8. Wat noem ons die drie kolletjies in versreël 22? Watter funksie het dit hier?

**Ellipsis. Die leser kan daarvoor nadink (sy gedagtes invoeg).**

9. Die woorde *pappa* en *mamma* kom in versreël 29 voor. Skryf die volgende sinne oor en maak die hoofletters en leestekens reg.

9.1 ek het na my pa gekyk wat lekker smul aan die kos

**Ek het na my pa (kleinletter) gekyk wat lekker smul aan die kos.**

9.2 geniet pa die paddavisstertjies

**“Geniet Pa (hoofletter) die paddavisstertjies?”**

10. Wat beteken die idioom *om die hond in die pot te kry*?

**Dit beteken om te laat te wees vir die ete.**

### **Aktiwiteit 19: Toets jou kennis**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Let op die los- en vasskryf van woorde in die volgende sinne. Skryf die sinne oor en onderstreep die woorde wat jy reggemaak het.

1.1 Ons het huistoe gestap nadat ons die agterkant van die veld verken het.

**Ons het huis toe gestap nadat ons die agterkant van die veld verken het.**

1.2 Ek het my maer merrie teen die paal gestamp oppad na die stal waar die maermerrie wat nie wou eet nie, gestaan het.

**Ek het my maermerrie (voorkant van my been) teen die paal gestamp op pad (twee woorde) na die stal waar die maer merrie (perd wat maer is) wat nie wou eet nie, gestaan het.**

2. Gee die wisselvorm van die **vetgedrukte** woord in die volgende sin.

'n Vis haal suurstof uit die water met sy **kiewe**.

**Kiewe.**

3. Skryf die volgende direkte woorde van die seun neer (met ander woorde soos wat hy dit sê): Die seun sê ek het baie lekker gelag toe die ou in die modder geval het.

**Die seun sê: “Ek het baie lekker gelag toe die ou in die modder geval het.”**

4. Skryf die volgende sin oor en plaas die komma op die regte plek:

Ons was baie moeg na die uitstappie want ons moes oor klippe klouter.

**Ons was baie moeg na die uitstappie, want ons moes oor klippe klouter.**

5. Daar is een woord verkeerd gespel in die volgende sin. Skryf slegs dié woord korrek neer: Ouma's is wonderlike goed wat, anders as ma's, elke dag lekkers uitdeel en nooit raas nie.

**Oumas – die a is nie beklemtoon nie en daarom kry dit nie 'n afkappingsteken by die meervoud nie.**

6. In die volgende sin is een van die intensiewe vorme verkeerd. Skryf dit korrek oor.

Die popmooi meisie is verlief op die leeusterk jongman.

**Ystersterk (nie leeusterk nie).**

7. Benoem die vetgedrukte voornaamwoorde in die volgende sin:

Hierdie is **my** pen, daardie een is **joune**.

**Albei is besitlike voornaamwoorde.**

## Week 5 en 6

# Waar is al die helde heen?

Aktiwiteit 20: Gesprek oor 'n drama

Aktiwiteit 21: Dialoog

Aktiwiteit 22: Drama: Die kat kom weer

## Aktiwiteit 23: In die bloei van haar lewe

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die foto's noukeurig.
  - 1.1 Wat wil foto 1 aan die leser wys? Waarom is dit so groot gedruk?  
**Die foto wil wys hoe eg die grimering lyk. Dit lyk of die meisie regtig beseer is. Dit is groot gedruk om die aandag te trek.**
  - 1.2 Waarom is daar 'n kleiner foto van dieselfde meisie links bo?  
**Dis om te wys hoe die meisie sonder die grimering lyk.**
  - 1.3 Wat beeld foto 3 uit?  
**Dit beeld uit hoe die grimering aangesit word.**
2. Bestudeer die titel *In die bloei van haar lewe* met aandag.
  - 2.1 Wat beteken die opskrif letterlik?  
**Dit beteken dat die bloed regtig loop oor haar gesig.**
  - 2.2 Wat beteken die opskrif figuurlik?  
**Dit beteken sy is jonk.**
3. Slaan die woord *makabere* in die subopskrif in 'n woordeboek na.  
**Grieselig, grillerig, bisar.**
4. Die leesstuk begin met die vraag *Gedink punk is erg?* (paragraaf 1).
  - 4.1 Hierdie is 'n halwe sin. Skryf dié sin volledig oor.  
**Het jy gedink punk is erg?**
  - 4.2 Wat wil hierdie vraag eintlik vir die leser sê?  
**As jy gedink het punk is erg, dink weer, hierdie bloedgrimering is erger.**
  - 4.3 Wat noem ons 'n vraag waar daar nie 'n antwoord verwag word nie?  
**Retoriese vraag.**
5. Wat troos 'n mens volgens paragraaf 2?  
**'n Mens troos jou daaraan dat dit nie werklik is nie, dit is net grimering.**
6. In paragraaf 2 staan daar: *As jy in wil wees, moet jy bloei.* Wat beteken dit om *in* te wees?  
**In die mode/in tel by jou vriende.**
7. Watter argument het Marcus Whitney in paragraaf 4 aangevoer waarom tieners dié grusame grimering mag gebruik? Dink jy dit is 'n goeie argument?  
**Hy meen dat as mense met haakspelde deur die gesig kan rondloop, hoekom nie ook met bebloede gesigte nie. Ja, dit is 'n goeie argument, want albei hierdie is grillerig.**

8. Waar in Londen kan 'n mens hierdie grimering laat doen? Waarom is dit snaaks dat dit juis op hierdie plek gedoen kan word?

**By 'n haarsalon. Dit is vreemd, want 'n mens kom gewoonlik “mooi” en “opgetooi” by 'n haarsalon uit. Hier gebeur die teenoorgestelde. Jy word “lelik” gemaak, nie mooi nie.**

9. Skryf 'n uitdrukking vir *bangmaak* uit paragraaf 6 neer.  
**Skrik op die lyf jaag.**

#### Aktiwiteit 24: Skryf 'n dialoog [Formele assesseringstaak 2a]

#### Aktiwiteit 25: Geïntegreerde taalleeroefening

##### Vrae en voorgestelde antwoorde

- Let op die verkleining van die woord *aardbewinkies* in paragraaf 1. Gee nou die verkleining van die woord tussen hakies in die volgende sin:  
Die pophuis het sewe (verdiepings) gehad.  
**Verdiepinkies.**  
**Onthou, die g val weg by die verkleining. As die woord in die meervoud is, moet die verkleining ook in die meervoud wees.**
- Gee die korrekte vorm van die woord *leef* (paragraaf 3) in die volgende sin:  
Sy het haar (leef) te danke aan die water van die stort.  
**Lewe.**
- Skryf die klank- en lettergrepe van die woord *rommel* (paragraaf 3) neer.  
**Klankgrepe: ro – (m)mel.**  
**Lettergrepe: rom – mel.**
- Die woord *kus* kom in paragraaf 4 voor. Hierdie woord het twee meervoude wat verskillende betekenis het. Skryf albei neer en gee ook die betekenis van beide.  
**Kuste langs die kuslyn.**  
**Kusse (soene) op die wang.**
- Skryf die verkleining van die woord *voëls* (paragraaf 6) neer.  
**Voëltjies. As die woord in die meervoud is, moet die verkleining ook in die meervoud wees.**
- Deel die woord *vibrasies* (paragraaf 6) in lettergrepe op en onderstreep die lettergreep wat die hoofklem dra.  
**vi – bra – sies.**
- Die woord *tsunami's* (paragraaf 6) word met 'n afkappingsteken gespel omdat dit 'n i aan die einde van die woord het. Gee die meervoude van die volgende:  
7.1 kombi – **kombi's.**  
7.2 balju – **balju's**  
7.3 padda – **paddas** (geen afkappingsteken nie, want die a is nie beklemtoon nie).  
7.4 kano – **kano's.**
- Gee 'n sinoniem (woord wat dieselfde beteken) vir *golwe* (paragraaf 4).  
**Branders.**

9. Is die volgende sin 'n enkelvoudige of saamgestelde sin? Verduidelik jou antwoord.

By party strande was die golwe groter as geboue met twintig verdiepings (paragraaf 5).

**Dit is 'n enkelvoudige sin, want daar is net een gesegde (werkwoord) naamlik was.**

10. In paragraaf 7 kom baie voornaamwoorde voor. Skryf 'n voorbeeld van 'n besitlike voornaamwoord uit hierdie paragraaf neer.

**Sy dorpie.**

11. Skryf die eerste sin van paragraaf 6 oor in die verlede tyd.

**Aardbewings het vibrasies wat diere met hulle uitstekende gehoorsintuie kon aanvoel.**

12. *Sy het water gehad om te drink.* Hierdie sin uit paragraaf 3 bevat 'n infinitiewe werkwoord. Skryf dit neer. *Wenk:* Jy weet wat 'n werkwoord is, 'n infinitief is *om te* plus die werkwoord.

**Om te drink.**

13. *Hy het almal in die dorp gewaarsku* (paragraaf 7). Skryf hierdie sin oor in die ontkenning.

**Hy het niemand in die dorp gewaarsku nie.**

## Aktiwiteit 26: Spellys

**Aktiwiteit 27: Luister na 'n volksverhaal: Mnr. Veldmuis is te trots**

**Luisterteks**

**Mnr. Veldmuis is te trots**

*'n Tswana-volksverhaal*

1. Lank, lank gelede, toe diere nog kon praat, was daar 'n veldmuis wat nie tevrede was met wat hy gehad het nie. Mnr. Veldmuis het 'n beeldskone dogter gehad en hy het van status gehou. Hy wou dus hê dat sy dogter met 'n vername man moes trou, iemand wat ryk was en beter as enige ander jong man in die wêreld. Mnr. Veldmuis wou nie hê dat sy dogter met iemand moes trou wat 'n familielid was nie.
2. Eendag het hy besluit om na so 'n man vir sy dogter te gaan soek. Mnr. Veldmuis het gemeen dat die son beter was as almal en het 'n reis na die son onderneem om sy probleem en begeerte te verduidelik. Nadat die son aandagtig geluister het, antwoord hy: "Ek glo jou, mnr. Veldmuis; jy sê ek is voortreflik, maar daar is iemand beter as ek. Sodra die lug betrokke is, is my voortreflikheid niks in vergelyking met die wolk s'n nie."
3. Nadat mnr. Veldmuis dit gehoor het, het hy na die wolk gegaan. Hy het weer sy probleem en die begeerte aan die wolk verduidelik. Nadat die wolk na mnr. Veldmuis geluister het, antwoord hy: "Ek het werklik begrip vir jou probleem, maar neem kennis dat die wind beter is as ek. As die wind begin waai, word ek eenvoudig hulpeloos ... dit stoot my herwaarts en derwaarts."
4. Mnr. Veldmuis sê toe aan homself: "Ek kon nie slaag met die son of die wolk nie, laat ek na die wind gaan en hoor wat hy te sê het." Hy het toe na die wind se woonplek vertrek en sy sending verduidelik. Die wind het geantwoord: "Mnr. Veldmuis, onthou daar is iemand groter as ek ... die klipmuur. Selfs al word ek baie kwaad en waai ek hewig, kan ek nie deur die klipmuur gaan nie. Ek sou voorstel dat jy hom gaan sien."
5. Mnr. Veldmuis hardloop toe na die klipmuur en verduidelik sy sending. Nadat hy dit gedoen het, antwoord die muur: "Dis waar dat ek sterker as die wind is. Maar daar is iemand wat sterker en meer voortreflik as ek is. Hy is van jou soort. Dit maak nie saak hoe sterk ek is nie, as Veldmuis kom, maak hy eenvoudig 'n gat dwarsdeur my met sy pote."
6. Mnr. Veldmuis besef toe dat dit 'n nuttelose oefening was en dat die beste bruidegom van almal 'n veldmuis sou wees. Hy het derhalwe sy dogter se hand aan iemand van sy eie soort gegee.
7. Dus, wanneer iemand iets het, behoort hy dit te hou en reg te gebruik. Verder, wees tevrede met jou status in plaas daarvan om iemand te soek wat nie vir jou bedoel is nie. Dié wat hulself verhoog, sal verneder word en dié wat hulself verneder, sal verhoog word.

Vertel en in Engels vertaal deur S.A. Mokopo.

Uit *Volksverhale van die Reënboognasie*, saamgestel deur Denise Godwin, bl. 39.

**Voorgestelde antwoord**

**Paragraaf 2:**

**Die son is voortreflik, maar die wolk is sterker, het mnr. Veldmuis uitgevind toe hy 'n man soek vir sy dogter. (21 woorde)**

**Paragraaf 3:**

Nadat hy sy versoek aan die wolk gerig het, het die wolk hom meegedeel dat die wind sterker as hy is. (21 woorde)

Paragraaf 4:

Die klipmuur was weer sterker as die wind, het mnr. Veldmuis verneem. (12 woorde)

Paragraaf 5:

By die klipmuur hoor mnr. Veldmuis dat 'n veldmuis deur die muur kan vreet en dus sterker as hy is. (20 woorde)

### **Aktiwiteit 28: Gesels oor die volksverhaal: Mnr. Veldmuis is te trots**

- Wie is die karakters wat in hierdie volksverhaal voorkom?  
**Almal is nie-menslike karakters. Mnr. Veldmuis, sy dogter en dan die natuurelemente soos son, wolke, wind en die klipmuur.**
- Lewenslesse is gewoonlik die tema van die verhaal. Watter lesse het jy uit hierdie verhaal geleer?  
**Wees tevrede met jousef en soek 'n troumaat onder jou eie mense. Moenie jousef beter ag as ander nie. Dit is mooi en goed om nederig te wees. Moenie status najaag nie, maar eerder geluk en tevredenheid.**

Aktiwiteit 29: Groepbespreking Elkeen dink anders ...

Aktiwiteit 30: Sprokie, legende of 'n fabel?

Aktiwiteit 31: Poësie: klein geloof

### **Aktiwiteit 32: Lees en kyk vir begrip**

Vrae en voorgestelde antwoorde

#### **Pre-lees**

1. Watter gevoel wek dit by jou op as jy na die titel kyk?  
**Leerdere gee eie antwoorde: gril, weersin, afsku, ens.**
2. Waaroor dink jy handel die teks?  
**Dit handel oor kieme.**
3. Wat word deur die prentjie uitgebeeld?  
**Kieme word uitgebeeld.**
4. Hoekom is daar juis drie gedroegies?  
**Daar is drie soorte kieme in die leesteks (op grimering, neute en sokkies).**
5. Waarom word hulle juis "lelik" uitgebeeld?  
**Kieme kan siektes en infeksies veroorsaak, daarom word hulle lelik uitgebeeld.**

#### **Post-lees**

Leerdere bestudeer die leesstuk en beantwoord die volgende vrae:

1. Uit watter tydskrif is hierdie leesstuk geneem? Watter leestegniek het jy gebruik om hierdie antwoord te kry? Kies een van die volgende:  
vluglees, aandagtig lees, soeklees.  
**Rapport – Tydskrif. Soeklees.**



2. Watter enkele woord in die titel dui op beweging?

**Krioelende.**

3. Watter woord in die subopskrif dui op 'n waarskuwing en hoe word hierdie woord beklemtoon? Noem twee sake.

**Pasop! Dié woord staan eerste in die sin / paragraaf. Die woord word uitgeroep (uitroepeteken).**

4. Elke paragraaf het 'n eie opskrif. Pas die opskrifte by die inhoud van die paragrawe?

**Ja, dit dui op die artikel waarop 'n mens kieme sal kry.**

5. Watter twee redes word aangevoer waarom afgedopte neute nie by straatverkopers gekoop moet word nie?

**Dit mag dalk lank in die son lê wat 'n teelaarde vir kieme bied.**

**Die hande wat dit afgedop het, is moontlik vuil.**

6. Wat kan aan 'n winkelsokkie vassit en wat kan dit veroorsaak?

**Velselle kan daaraan vassit en dit kan infeksie veroorsaak.**

7. Haal 'n tussenwerpsel uit paragraaf 2 aan en skryf die gevoel wat dit weergee, neer.

**O, wee! Onsekerheid.**

8. Haal 'n woord uit paragraaf 3 aan wat daarop dui dat die winkelassistent graag 'n mens help.

**Behulpsame.**

9. Iemand wat baie slordig is, noem ons 'n slodderkous. Gee die idiomatiese benaming vir ...

9.1 iemand wat baie praat – **Windorrel.**

9.2 iemand wat baie lank is – **Hemelbesem.**

### **Aktiwiteit 33: Informele brief [Formele assesseringstaak 2b]**

### **Aktiwiteit 34: Taalleer**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Die woord *net-net* word met 'n koppelteken geskryf omdat dit 'n herhalingsamestelling is. Gee die rede waarom die volgende woorde met koppeltekens geskryf word:

1.1 see-eend – **Opeenhoping van klinkers.**

1.2 R100-noot – **Koppeling met syfer en simbool.**

1.3 Suid-Afrika – **Aardrykskundige eienaam.**

2. Gee die teenoorgestelde van die woord *kortste* wat in paragraaf 1 voorkom.

**Langste.**

3. Die afkorting *mnr.* kom in paragraaf 3 voor.

3.1 Waarvoor staan hierdie afkorting?

**Meneer.**

3.2 Skryf die meervoud van hierdie afkorting neer.

**Mnre.**

3.3 Skryf die afkorting van die teenoorgestelde geslag van *mnr.* neer.

**Mev.**

3.4 Waarvoor staan die afkorting me.?

**Vroulike persoon, dus 'n mej. of 'n mev.**

4. Skryf die volgende woorde neer en onderstreep die diftong wat daarin voorkom. *Wenk:* Nie al die woorde het diftonge in nie.

4.1 seun (paragraaf 3) **Geen diftong. Die eu-klank is 'n vokaal.**

4.2 koek (paragraaf 5) **Geen diftong. Die oe-klank is 'n vokaal.**

4.3 groei (paragraaf 6) **Groei.**

4.4 uitgehaal (paragraaf 7) **Uitgehaal.**

5. Die woord *knieë* (paragraaf 7) word met 'n deelteken gespel om die begin van 'n nuwe lettergreep aan te dui. Skryf die volgende woorde oor en plaas die deelteken op die korrekte letter. *Wenk:* Kyk mooi, nie al die woorde kry deelttekens nie.

5.1 beïnvloed – **beïnvloed.**

5.2 dieet – **dieet (geen deelteken nie).**

5.3 moee – **moeë.**

6. As ons praat, word sommige klanke en woorde saamgesmelt. Dit word assimilasië genoem.

6.1 Haal 'n woord uit paragraaf 7 aan waarin daar assimilasië voorkom en dui aan hoe die woord uitgespreek word.

**Enige van die volgende: ander uitgespreek as anner; kinders uitgespreek as kinnners.**

6.2 Twee woorde kan ook geassimileer word, byvoorbeeld *op die* (twee woorde) wat *oppie* word. Haal twee woorde in paragraaf 8 aan waarin daar assimilasië voorkom en dui aan hoe die woorde uitgespreek word.

**Vir die uitgespreek as virrie.**

7. Ronding is wanneer 'n geronde klank mooi rond uitgespreek word.

7.1 As die woord *muur* (paragraaf 2) verkeerdelik ontrond uitgespreek word, gaan die betekenis van die woord verander. Dui dit aan.

**Muur (rond) uitgespreek as mier (nie rond nie). Dit sal dan verwys na 'n miertjie wat 'n dier is.**

7.2 As die woord *lei* (soos in *aflei*, paragraaf 7) verkeerdelik oorrond uitgespreek word, gaan die betekenis van die woord verander. Dui dit aan.

**Lei (nie rond nie) uitgespreek as lui (rond). Dit sal dan verwys na iemand wat lui is.**

8. Skryf die intensiewe vorm van die woord *swak* (paragraaf 7) neer. Iemand wat baie swak is, is ...

**Kuikenswak.**

9. Die woord *langer* kom in paragraaf 1 voor. Skryf die trappe van vergelyking van hierdie woord neer.

**Lank, langer, langste.**

10. Die woord *lei* kom in paragraaf 7 voor. Gebruik die homofoon van hierdie woord (dus *ly*) in 'n goeie sin.

**Die man ly aan 'n ongeneeslike siekte.**

## Week 9 en 10

# Kielie die lagspiere

## Aktiwiteit 35: Luisterbegrip

### Pre-luister

Leerders bestudeer die **prent** in die *Leerderboek* en beantwoord die vrae wat daarvoor gestel is.

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Voordat jy nou na die teks luister, wie of wat dink jy gaan sentraal staan in hierdie luisterstuk?  
*Wenk: Waarop is die fokus in die prentjie?*

**Die hond.**

2. Hoe word dit wat belangrik is in die prentjie uitgehef?

**Dit is swart ingekleur en staan duidelik uit.**

3. Kan jy aflei waarom hierdie luisterstuk gaan handel?

**Leerders kan hulle eie antwoorde gee.**

### Luisterteks

1. Huisbesoek op 'n koue Kaapse winternag kan maar triestig wees. Die oproep kom terwyl die reën skuins teen drie ruite waai. Dis swaar vir 'n dokter om van die warm vuur af op te staan, maar iemand het hom nodig en hy moet gaan.
2. Die sambreel dop amper om in die reënwind op pad motor toe. In sy sak is die adres van die pasiënt. Êrens in Mowbray. Die strate lyk onbekend in die nat nag. Maar daar is dit uiteindelik: Nr. 19.
3. By die deur van die huis word hy begroet deur 'n **groot, swart, entoesiastiese hond** (*lees die vetgedrukte frase hard en stadig*) wat uit 'n modderpoel opspring en hom sopnat spat.
4. Hy klop hard aan die voordeur om uit die gietende reën te kom. Die deur gaan oop. "Naand, dokter, ek is so bly jy kom na my man kyk," sê die vrou. Die hond hardloop vooruit na die slaapkamer en spring met sy nat, modderige lyf bo-op die pasiënt se bed. 'n Ondersoek van die man is onmoontlik terwyl die nat hond feitlik bo-op die pasiënt se maag lê.
5. Uiteindelik sê die dokter heeltemal gefrustreerd: "Mevrou, roep asseblief jou hond weg!"
6. Waarop die vrou verbaas antwoord: "Maar ek dog dis dokter se hond!"

Uit *Spreekkamerstories Met 'n lepel vol lag* deur dr. Fana Malherbe, bl. 38.

### Post-luister

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Die onderwyser gaan weer vir jou die eerste paragraaf lees.

1.1 Beskryf kortliks hoe die weer buite lyk.

**Dit is koud, triestig, die wind waai die reën teen die ruite.**

1.2 Wat beteken dit as die dokter *van die warm vuur af opgestaan het*?

**Hy het voor die kaggel gesit en moes opstaan om die pasiënt te besoek.**

2. Hoe weet jy dat die wind sterk gewaai het toe die dokter na sy motor toe gestap het?

**Die wind het sy sambreel geskep en dié het amper omdop.**

3. Wat noem 'n mens dit as 'n dokter na 'n pasiënt se huis uitgeroep word om hom tuis te kom ondersoek?

### Huisbesoek.

4. Skryf die straatnommer van die huis waar die dokter moes besoek aflê, neer.  
**Nr. 19.**
5. Beskryf die hond wat die dokter by die voordeur raakloop, volledig.  
**Hy is vol modder en is nat. Dit is 'n groot, swart, vriendelike (entoesiastiese) hond.**
6. Noem twee maniere hoe hierdie woorde wat die hond beskryf deur die spreker uitgehef word.  
**Dit word harder en stadiger gelees.**
7. Hoekom het hy hard aan die voordeur wat hy moes besoek, geklop?  
**Dit was nat en koud buite en hy wou uit die reën kom.**
8. Hoekom was dit moeilik vir die dokter om die pasiënt te ondersoek?  
**Die hond het bo-op die bed bo-op die man se maag gelê.**
9. Verduidelik wat hier gebeur het wat hierdie gebeure eintlik snaaks maak.  
**Die dokter het gedink dit is die huismense se hond. Hulle het die hond nie verjaag nie, want hulle dink dit is die dokter se hond wat saamgekom het. Eintlik was dit net 'n misverstand.**

Aktiwiteit 36: Kortverhaal: *Bangbroek en sy maat*

Aktiwiteit 37: Bespreek die kortverhaal

Aktiwiteit 38: Poësie: *'n Versie van Philip de Vos*

### Aktiwiteit 39: Lees en kyk vir begrip

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Aan wie se Kitkat het die vrou gesmul?  
**Sy het gedink sy eet haar eie, maar dit was heeltyd die jong man s'n.**
2. Wat dink jy het die jong man gedink toe die vrou sy sjokolade geëet het en boonop 'n yslike hap uit sy worsbroodjie gehap het?  
**Hy moes gedink het dat sy bietjie gek was.**
3. Wat dink jy het deur die vrou se kop gegaan toe sy agterkom dat sy die jong man se sjokolade geëet het?  
**Sy het verseker sleg gevoel. Sy het eintlik 'n gek van haarself gemaak.**
4. 'n Mens het dikwels 'n vooropgestelde siening oor mense, soos duidelik uit die teks na vore kom. So hang ons verkeerdelik bordjies om mense se nekke. Skryf neer hoe die vrou in die leesstuk die man verkeerdelik getipeer het. Motiveer jou antwoord.  
**Sy het na sy uiterlike gekyk en klaar besluit hy is 'n vreemde karakter. (Verduidelik vooroordeel aan die leerders.)**
5. Skryf die lewensles wat 'n mens uit hierdie verhaal leer, neer.  
**'n Mens kan nie ander oordeel oor hoe hulle lyk nie. Die jong man was dalk vuil met 'n lang poniestert, maar hy was ordentlik genoeg om sy sjokolade met die vrou te deel.**
6. Jy gaan nou elk van die ses paragrawe opsom in één volsin van nie meer as 25 woorde nie. Jy mag minder woorde gebruik.

**Voorbeeld:** Paragraaf 1:

'n Vrou koop op 'n dag vir haar koffie en 'n sjokolade en gaan sit langs 'n slordige jong man met 'n poniestert. (23 woorde)

Doen nou die res van die paragrawe net soos bostaande.

**Paragraaf 2:**

**Sy hou nie van die man met die poniestert nie, maar gaan sit teësin langs hom. (16 woorde)**

**Paragraaf 3:**

**Sy roer haar koffie en breek die sjokolade in twee kleiner stukke en eet een daarvan. (16 woorde)**

**Paragraaf 4:**

**Die vrou is verbaas dat die jongman die ander stukkie eet en hy doen dieselfde met die tweede stuk.**

**Paragraaf 5:**

**Vererg drink die vrou haar koffie, maar voor sy flink uitloop hap sy vies aan die man se worsrolletjie wat op die tafel lê. (24 woorde)**

**Paragraaf 6:**

**Op pad huis toe kla sy oor die jeug se slegte maniere, maar toe sy in haar handsak krap, sien sy haar Kitkat daar lê. (25 woorde)**

**Aktiwiteit 40: Beskryf 'n karakter [Formele assesseringstaak 2c]**

**Aktiwiteit 41: Taaloefening: *Lag is goeie medisyne***

**Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Die woord *knorrigheid* (paragraaf 1) is gevorm deur twee agtervoegsels (postmorfeme). Dui dit aan.

**Knor (r) + -ig + heid.**

2. Die woord *mis* kom in paragraaf 1 voor. Plaas 'n voorvoegsel (premorfeem) aan die woord tussen hakies sodat dit in die volgende sin pas:

Die hond wat weggeloop het, word nou al drie dae (mis).

**Vermis.**

3. Kyk mooi! Het die woord **verdwyn** (paragraaf 1) 'n voorvoegsel? Skryf die stam of basis van hierdie woord neer.

**Verdwyn.**

4. Waarom word die woord *bloeddruk* (paragraaf 2) met twee d's gespel?

**Die eerste woord eindig met 'n d en die tweede begin met 'n d.**

5. Skryf die basis of stam van die woord *oefening* (paragraaf 3) neer sodat dit in die volgende sin pas:

Die meisie (oefening) hard vir die balletkonsert.

**Oefen.**

6. Skryf die teenoorgestelde betekenis van die woord *vinniger* (paragraaf 3) neer: Hy het nie vinniger gehardloop nie, maar ... toe hy die mooi meisie sien.

**Stadiger.**

7. Skryf die woord *onbedaarlik* (paragraaf 5) neer en dui die voor- en agtervoegsels en die stam aan.

**On + bedaar + lik.**

**Voorvoegsel + stam + agtervoegsel.**

8. Kyk mooi! Plaas 'n agtervoegsel aan die woord *snaaks* (paragraaf 5) om die oortreffende trap te vorm: Die meisie was *snaaks*, die komieklike oompie *snaakser*, maar die nar was die ... van almal.

**Snaaksste.**

9. Plaas 'n agtervoegsel aan die woord *verbrand* in die volgende sin:

Die (verbrand) van kalorieë vind plaas as jy lag.

**Verbranding.**

10. Voorvoegsels kan ook betekenis hê. Wat beteken die voorvoegsel *on-* in woorde soos *onmoontlik* en *ongelukkig*?

**On- beteken *nie*.**

11. Lag is goeie medisyne (titel). Maak hierdie sin langer deur die voegwoord *want* te gebruik.

**Lag is goeie medisyne, want dit laat jou beter voel.**

## **Aktiwiteit 42: Doorsie**

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Wat word dit genoem as 'n storie in prente vertel word?

**Strokiesprent of strokiesverhaal.**

2. Die woord *lewe* kom in die eerste raampie voor. Skryf die stam van hierdie woord neer.

**Leef.**

3. Die woord *vervelig* (raampie 1) is van toepassing. Maak kort sinne met die woorde *verveeld* en *vervelig* om die verskil in betekenis aan te dui.

**'n Mens is verveeld, maar iets is vervelig.**

**Jan is verveeld en stap na sy maat om te gaan speel. (Die persoon is verveeld.)**

**Dit was 'n vervelige praatjie waarna ons moes luister. (Die praatjie is vervelig.)**

4. Bestudeer die woorde *sy's* (raampie 2) en *dis* (raampie 4). Albei hierdie woorde is eintlik saamgestel uit meer as een woord. Skryf dié woorde neer waaruit hierdie woorde saamgestel is.

**Sy's = sy + is.**

**Dis = dit + is.**

5. Wat noem ons die drie kolletjies aan die einde van die sin in raampie 3 en 4? Wat is die funksie gewoonlik van hierdie leesteken?

**Ellipsis of stippels. Dit dui gewoonlik aan dat die leser sy gedagtes daarin kan voeg. Dit kan ook gebruik word om atmosfeer en afgagting te skep.**

6. Die woord *dokter* kom in raampie 4 voor. Wat beteken die woord *doktor*?

**Dit is 'n geleerde persoon wat 'n doktorsgraad het. Hy is 'n doktor in letterkunde.**

7. Die woord *geëet* kom in raampie 5 voor. Plaas deelttekens op die volgende woorde: *koöperasie*, *reën*, *vroeër*.

**Koöperasie, reën, vroeër.**

8. Bestudeer die laaste raampie (raampie 6) noukeurig.

8.1 Waarom is die gebruik van die woord *aap* in hierdie raampie gepas?

**Die foto's is van "ape" – sjimpansees.**

8.2 Kyk na die lettergrootte van die skrif. Wat merk jy op? Verduidelik.

**Dit is groter as die ander. Die woorde staan uit en is belangriker as die res.**

8.3 Haal 'n klanknabootsende tussenwerpsel aan en skryf neer hoe dit uitgehef word.

**Sjoesss! Dit word uitgeroep (uitroepteken) en dit is baie groter geskryf as die res.**

8.4 Pas die foto's van die sjimpansees by die woorde in die teks? Watter effek het dit?

**Dit pas pragtig by die woorde. Dit is asof die sjimpansees dié woorde regtig sê. Dit maak dit interessant/oulik/geloofwaardig.**

**Aktiwiteit 43: My eie spellys**

**Aktiwiteit 44: Toets [Formele assesseringstaak 3]**

Sien aparte afdeling vir die toepaslike memorandum.

# Kwartaal 2

Week 1 en 2

## Slaan misdaad hok!

### Aktiwiteit 45: Luisterbegrip: *Die bedagsame diewe*

#### Luisterteks

1. 'n Jong paartjie kom by die huis aan ná 'n dag se reis per trein en per bus. Tot hul ontsteltenis is hul kosbare klein motortjie nie in die oprit nie.
2. Hulle is **verskriklik geskok** – (*lees dié woorde hard en stadig en pouseer*) dit is so 'n vreedsame buurt en die huis was so 'n goeie belegging. Hulle meld die diefstal by die polisie aan en gaan die aand terneergedruk slaap.
3. Die volgende oggend word hulle wakker en die man trek die slaapkamergordyne oop. En daar staan hul motor buite in die straat geparkeer. Hy storm in sy pajamas uit. Die motor is in 'n perfekte toestand. Toe sien hy die briefie onder die ruitveërs. Dit lui: "Aanvaar asseblief ons verskoning – ons het 'n noodgeval gehad en moes jul motor leen. Om te bewys dat dit in goeie trou was en om te vergoed, is hier twee teaterkaartjies vir vanaand. Geniet die opvoering!"
4. Daar is sowaar twee kaartjies aangeheg. Die egpaar se geloof in die mensdom is herstel, asook hul geloof in die waarde van hul belegging in hierdie mooi gemeubileerde huis.
5. Daardie aand gaan hulle teater toe, hulle geniet dit en gaan moeg huis toe. Net om te ontdek dat hul huis deur inbrekers gestroop is!

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Hoe het die paartjie elke dag by die werk gekom?  
**Hulle het met die bus en die trein gery.**
2. Hoe word dit uitgehef dat hulle baie geskok was? Noem twee dinge.  
**Dit word hard en stadig gelees. Daar is 'n ruspouse daarna.**
3. Toe die man die volgende oggend sy kamergordyne ooptrek, sien hy hul motor buite in die straat staan. Het hy eers aangetrek voordat hy buite toe storm? Motiveer.  
**Nee, hy het sommer in sy pajamas uitgestorm.**
4. Skryf kortliks in jou eie woorde wat op die briefie wat onder die ruitveër was, gestaan het.  
**Jammer dat ons julle kar gevat het. Ons het 'n noodgeval/probleme gehad. Om te wys ons is jammer, hier is twee kaartjies na 'n teateropvoering. Geniet dit.**
5. Daar was twee kaartjies aangeheg. Waarheen kon hulle dié aand gaan?  
**Teateropvoering.**
6. Noem twee dinge waarin dié paartjie se geloof herstel is. (Aan watter twee dinge kon hulle weer glo?)  
**Mensdom en die waarde van hulle belegging (hulle huis).**
7. Hoe word hulle huis beskryf? Haal die woorde aan. Wat wil dit eintlik vir die leser sê?  
**Mooi gemeubileerde huis. Dit wys die leser daarop dat die huis mooi en waardevolle goed binne het (wat die diewe later steel).**
8. Watter plan het die inbrekers gehad?



**Hulle wou die paartjie uit die huis kry (in die aand) sodat hulle die huis kan stroop van kosbare artikels.**

9. Bestudeer die titel van die leesstuk. Verduidelik die kontras wat daar in die titel voorkom. Was die diewe toe regtig bedagsaam?

**Daar word gewoonlik na 'n dief verwys as iemand wat sleg en gevoelloos is, hier word die diewe as bedagsaam (goed) beskryf. Dit is dus 'n skynbare kontras. Nee, die diewe was toe nie werklik bedagsaam nie.**

10. Hierdie verhaaltjie kom uit 'n boek oor stadslegendes. Wat is 'n stadslegende?

**Dit is iets ongewoons wat oorvertel word, maar ons weet nie waar dié storie vandaan kom nie. Iemand vertel jou dit het met sy niggie se vriendin gebeur, maar dan hoor jy dit weer uit 'n ander oord. Die oorsprong is gewoonlik duister.**

**Aktiwiteit 46: Televisie-nuusaanbieding en vertel die storie**

**Aktiwiteit 47: Lees 'n jeugverhaal/jeugroman**

**Aktiwiteit 48: Kortverhaal: *Deur 'n loergaatjie***

**Aktiwiteit 49: Lees en kyk vir begrip na visuele tekste**

**Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Wat het hierdie twee manne gedoen? Waaruit het jy hierdie afleiding gemaak?  
**Hulle het die vorms van die sensus-opname na die huise geneem om ingevul te word.**
2. Wat is 'n sensus en waarom word dit gedoen?  
**Dit is die amptelike volkstelling wat elke vyf jaar gehou word. Hierdeur word belangrike inligting bekom.**
3. Wat noem 'n mens 'n meisie met ligte hare? En 'n man met ligte hare?  
**Blondine, blonde man.**
4. Waarom is dit snaaks dat die meisie 'n loergaatjie in haar glasvoor deur het?  
**'n Loergaatjie is daar om deur 'n houtdeur te sien. 'n Mens kan reeds deur 'n glasdeur sien, jy het nie 'n loergaatjie nodig nie.**
5. Wat het die een man aan die ander vooraf gesê? Skryf sy direkte woorde neer.  
**Dit is verseker 'n blondine wat hier bly.**
6. Hoe het die man vooraf geweet dat dit 'n blondine is wat in dié woonstel gebly het?  
**Daar was 'n loergaatjie in 'n glasdeur.**
7. Verduidelik breedvoerig hoekom die blondine nie bang was vir die inbreker met die broodmes nie.  
**Sy het gedink dat as hy 'n broodmes het, hy 'n brood daarmee sal wil sny, nie 'n meisie nie. Sy het dit nie as 'n wapen beskou nie.**
8. In hierdie spotprent word blondines as dom getipeer. Noem die name van blondines wat hierdie stelling verkeerd bewys het.  
**Susan Vosloo (hartspesialis), Charlize Theron (Oscarbekroonde aktrise), Karen Zoid (rock-sangeres), ens.**

## Aktiwiteit 50: Manlike en vroulike geslag

### Voorgestelde antwoorde

Vroulik	Manlik
Blondine	<b>Blonde man</b>
<b>Buurvrou</b>	Buurman
Strooimeisie	<b>Strooijonker</b>
<b>Aktrise</b>	Akteur
Weduwee	<b>Wewenaar</b>
<b>Heldin</b>	Held
Swemster	<b>Swemmer</b>
<b>Kelnerin</b>	Kelner
Oujongnoui	<b>Oujongkêrel</b>
<b>Vrouesoldaat</b>	Soldaat

### Aktiwiteit 51: Skryf 'n verhalende opstel oor misdaad

## Aktiwiteit 52: Taalleeroefening: *Hondesnuffelaars*

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Is die woord *renosterhoring* (paragraaf 1) 'n samestelling of 'n afleiding?  
**Samestelling. Dit is twee basisse / stamme wat verbind word.**
2. Gee die korrekte woord vir die woord tussen hakies. Onthou om die afleiding deur klinkerwisseling te maak:  
Die (ruik) (paragraaf 3) van die renosterhorings bly jare lank sterk.  
**Reuk.**
3. Waarvoor staan die afkorting me. (paragraaf 4)?  
**Vroulike persoon.**
4. Die woord *smokkelaars* (paragraaf 5) het betrekking. Deur 'n agtervoegsel aan die woord smokkel te sit, is 'n persoonsnaam gevorm. Vorm nou 'n persoonsnaam van ...
  - 4.1 leuen – **leuenaar**
  - 4.2 stout – **stouterd**
  - 4.3 vreemd – **vreemdeling**
  - 4.4 bewaar – **bewaarder**
  - 4.5 speel – **speler**
5. Skryf die meervoud van die woord *risiko* (paragraaf 5) neer.  
**Risiko's (afkappings 's omdat die selfstandige naamwoord op 'n o eindig).**

6. Skryf die verkleining van die woord *horings* (paragraaf 6) neer.  
**Horinkies (g val weg).**
7. Die woord *idee* (paragraaf 6) het twee meervoude. Skryf albei neer.  
**Ideë en idees.**
8. Skryf die woord *hondehok* (paragraaf 6) neer en omkring die verbindingsklank.  
**Hondehok.**
9. Skryf die stam/basis en die voegsels van die woord *skraapsels* (paragraaf 7) neer.  
**Skraap (stam/basis) plus -sels (agtervoegsels).**
10. Dui die bepaler en die kern van die woord *wildsplaas* (paragraaf 9) aan.  
**Wild- is die bepaler en -plaas is die kern. Die kern is in die meeste gevalle (gewoonlik) die laaste basis in die woord.**
11. Skryf die enkelvoud van die woord *voertuie* (paragraaf 9) neer.  
**Voertuig.**
12. In paragraaf 6 word die woord *doodgemaak* letterlik gebruik. Gebruik nou hierdie woord figuurlik in 'n sin.  
**Die baie leerwerk voor die eksamen het my doodgemaak.**
13. *Die man het die speurder gevra om uit te vind wie die renosters doodgemaak het.* Skryf hierdie sin oor en onderstreep die infinitief wat hierin voorkom.  
**Die man het die speurder gevra om uit te vind wie die renosters doodgemaak het.**
14. *Apollo en Barney het die renosterhoring gou gekry* (paragraaf 10).
- 14.1 Is hierdie 'n enkelvoudige of saamgestelde sin?  
**Enkelvoudig.**
- 14.2 Watter soort sin is hierdie? Kies uit die volgende: stelsin, bevelsin of vraagsin.  
**Stelsin.**
- 14.3 Skryf die onderwerp van hierdie sin neer.  
**Apollo en Barney (wie doen die werk?)**
- 14.4 Skryf die gesegde van hierdie sin neer.  
**Het gekry.**
- 14.5 Is hierdie sin in die verlede of teenwoordige tyd geskryf?  
**Verlede tyd.**
15. *Die arme renostertjie se horing is afgesaag.* Watter gevoel word in hierdie sin aangetref?  
**Bejammering.**
16. Skryf die trappe van vergelyking van die woord *sterk* (paragraaf 12) neer.  
**Sterk, sterker, sterkste.**
17. Skryf die volgende sin oor en verbeter die lees- en skryftekens. die wildbewaarder roep ontsteld is daar al weer drie renosters gestroop  
**Die wildbewaarder roep ontsteld: "Is daar al weer drie renosters gestroop?"**
18. Leerders bestudeer die prente in die *Leerderboek*:
- 18.1 Skryf die nommer neer en die dier se naam.  
**(1) 'n leeu, (2) seekoei, (3) vark, (4) bok, (5) perd, (6) hond.**

18.2 Skryf die meervoud en die verkleining van dié diere neer.

**Leeus en leeutjie**

**Seekoeie en seekoeitjie**

**Varke en varkies**

**Bokke en bokkies**

**Perde en perdjies**

**Honde en hondjies**

18.3 Skryf die manlike en vroulike vorm van elke dier neer.

**Leeumannetjie en leeuwyfie**

**Seekoeibul en seekoeikoei**

**Varkbeer en varksog**

**Bokram en bokooi**

**Perdehings en perdemerrie**

**Hondereun en hondeteef**

18.4 Watter geluid maak die dier in prent 1, 4, 5 en 6?

**'n Leeu brul**

**'n Bok blêr**

**'n Perd runnik**

**'n Hond blaf**

## Week 3 en 4

# Die donkie is 'n wonderlike ding!

### Aktiwiteit 53: Luister en kyk na 'n TV-nuusuitsending

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Nuus word in 'n ateljee opgeneem. Beskryf kortliks hoe 'n ateljee lyk.  
**Leerders beskryf die ateljee, byvoorbeeld: Dit is 'n ateljee wat hoofsaaklik blou is. Die nuusleser sit agter 'n lessenaar/toonbank. Die televisiestasie se embleem is op die muur agter die nuuslesers.**
2. Is die nuuslesers vriendelik of ernstig? Motiveer jou antwoord.  
**Hulle is ernstig, want nuus is 'n ernstige saak. Dit sal nie by die nuus pas as die nuuslesers healtyd lag nie.**
3. Nuus word gelees, maar dit lyk of die nuuslesers vir jou kyk. Hulle kyk nie af om die nuus van 'n papier af te lees nie. Hulle kyk reg in die kamera in. Watter tegniek word hier gebruik? Vra jou ouers om dit aan jou te verduidelik.  
**Die nuuslesers kyk reg in die kamera in. Die woorde wat hulle moet lees is op 'n monitor reg langs die kamera. Die kyker sien nie hierdie monitor nie en dit lyk vir ons of die nuusleser die woorde uit die kop sê.**
4. Hoe lyk nuuslesers se kleredrag? Is dit formeel of informeel? Verduidelik.  
**Nuuslesers se kleredrag is formeel. Soms dra hulle pakke of baadjies. Die dames is deftig geklee.**
5. Skryf die hoofnuusgebeure van die nuusuitsending waarna jy gekyk het, kortliks neer.  
**Leerders skryf die hoofnuusgebeure kortliks neer.**
6. Skryf een brokkie sportnuus neer.  
**Leerders skryf een brokkie sportnuus neer.**
7. Die weervoorspelling is gewoonlik ook deel van die nuus. Watter weerstoestande word vir die gebied waarin jy woon, voorspel?  
**Leerders skryf die weer wat vir die streek waarin hulle woon voorspel word, neer.**

### Aktiwiteit 54: Gesels oor 'n advertensie [Formele assesseringstaak 1]

### Aktiwiteit 55: Lees en kyk met begrip

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

##### *Pre-lees*

1. Let op die uitleg van die leesstuk. Waarom is die donkie in die middel geplaas?  
**Dit is die fokus, belangrikste ding waaroor die teks handel.**
2. Watter funksie verrig die lyne wat van die inligting na die donkie toe gaan?  
**Tydens-lees** moet die leerders die betekenis van vreemde woorde aflei.  
**Dit dui die plek aan waar dié liggaamsdeel aangetref word.**

##### *Post-lees*

3. Met watter dier word die donkie in hierdie leesstuk vergelyk?  
**Met 'n perd.**

4. Hoe verskil die donkie se maanhare van dié van 'n perd?  
**Dit is korter.**
5. Wat is 'n kambeen?  
**Dit is die hoogste punt op 'n donkie se rug.**
6. Gee 'n sinoniem ('n woord wat dieselfde beteken) vir die woord *y/* onder die opskrif STERT.  
**Dun.**
7. Hoekom word die donkie se stert as 'n *wapen* gesien?  
**Hy gebruik sy stert om vlieë en insekte van hom af weg te jaag.  
As hy die vlieë met sy stert tref, kan die vlieë doodgaan.  
Daarom word sy stert as 'n wapen beskou.**
8. Hoe word 'n donkie se ouderdom geskat? Verduidelik.  
**Daar word na sy tande gekyk. As die tande afgeslyt (kort) is, is die donkie al oud (hy het al baie jare geëet).**
9. Haal 'n woord onder die opskrif OË aan wat dieselfde beteken as *gestres*.  
**Gespanne.**
10. Gee twee redes waarom donkies skop.  
**As hulle skrik en om hulleself te beskerm.**
11. Gee die manlike en vroulike vorm van die woord *perd* (paragraaf 1).  
**Merrie en hings.**

### **Aktiwiteit 56: Dié prentjies vertel baie**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Wat word deur die prentjies uitgebeeld?  
**Twee donkies wil elkeen sy eie gras vreet, maar kan nie bykom nie. Hulle maak 'n plan om eers die een kant en dan die ander kant te gaan vreet. Sodoende kry albei kos.**
2. Kan dit ook op die mens van toepassing gemaak word?  
**Ja, dit kan ook op 'n mens van toepassing wees. Leer om te deel en om saam te werk, dan is dinge baie makliker.**
3. Die derde strokie beeld uit dat die donkies elkeen sy eie hople gras wil eet. Waarna kan dit by die mens verwys?  
**Dit kan wys na mense wat stry of dwarstrek.**
4. Wat leer 'n mens uit hierdie prentjies? Skryf dié lewenswaarheid in jou eie woorde neer.  
**Daar is verkeie lewenslesse wat hieruit geleer word: Leer om te deel, elke mens moet nie net sy eie wil afdwing nie, samewerking is baie nodig as 'n mens iets wil bereik, werk saam aan 'n moeilike taak, dan word dit maklik, vele hande maak ligte werk.**

#### **Aktiwiteit 57: Die jeugroman**

#### **Aktiwiteit 58: Volksverhaal: Die riete wat gepraat het**

### **Aktiwiteit 59: Letterkunde: Kontekstuele vrae [Formele assesseringstaak 2]**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Is hierdie verhaal 'n sprokie, 'n fabel of 'n legende? Motiveer jou antwoord. (2)

**Dit is 'n legende. Hierdie verhaal word van geslag tot geslag oorgedra. (2)**

2. In paragraaf 1 staan daar dat Fêbroewar die ander delwers uit hebsug doodgemaak het. Wat beteken dit? Maak jou afleiding deur die sin verder te lees. (1)

**Hy was geldgierig en wou al die goud vir homself gehad het. (1)**

3. Hierdie verhaal word vanuit die alomteenwoordige verteller se oogpunt vertel. Skryf nou die eerste sin van paragraaf 5 oor, maar in die eerstepersoonsverteller asof dit Fêbroewar is wat dit self vertel. (2)

**Ek (Fêbroewar) is in Februarie daardie jaar verhoor en die doodsvonnis is my opgelê. (2)**

4. Verduidelik wat bedoel word met die woorde: "dat daar in daardie dae nie behoorlike kommunikasiemiddele was nie" (paragraaf 2). (2)

**In daardie dae was daar nie telefone, faksmasjiene, e-pos, ensovoorts nie. Daar was dus nie juis sprake van kommunikasie met die buitewêreld nie. 'n Poskoets het die pos een keer elke paar maande gebring. (2)**

5. Wat is 'n *sagte teiken* en waarom sou buitelandse goudsoekers juis sagte teikens (paragraaf 2) wees? Verduidelik volledig. (2)

**'n Sagte teiken is iemand wat kwesbaar of weerloos is. Verbinding met die buiteland was nóg moeiliker as plaaslike kommunikasie, en lang tye het verloop voor vriende en familie navraag sou doen oor persone wat nie op hul briewe reageer het nie. (2)**

6. Wat kon die mense nie glo nie en het hul koppe in ongeloof geskud (paragraaf 3)? (2)

**Hulle kon nie glo dat dié stil en vriendelike man sulke gruwelike dade kon pleeg nie. (2)**

7. Die moordenaar sou op 29 Februarie gehang word vir sy dade. Wat merk jy op omtrent hierdie datum? *Wenk*: dit gebeur net elke 4 jaar. (1)

**Dit is skrikkeljaar. (1)**

8. Hoe word dit uitgehef dat die sel leeg was toe die laksman dit oopmaak? (1)

**Die gebruik van die woord *dolleeg*. Die plasing van die woord *dolleeg* aan die einde van die sin. Die gebruik van die aandagstreep. Enige een van bostaande. (1)**

9. Waarom het die mense hom Februarie genoem? Gee twee redes. (2)

**Hy is in Februarie verhoor en sou op 29 Februarie gehang word. (1)**

**Sy naam Frederiques Franqueis is moeilik om uit te spreek. (1)**

10. Karakterisering is hoe 'n karakter beskryf word.

10.1 Hoe word Fêbroewar in paragraaf 1 beskryf? (1)

**Sluwe delwer. (1)**

10.2 Hoe word Fêbroewar in paragraaf 3 beskryf? (1)

**Stil en vriendelik. (1)**

11. Hoe het die ouers hierdie gebeure gebruik om hulle kinders te dissiplineer? (1)

**Hulle het hulle kinders banggemaak en gesê Fêbroewar sal hulle vang. (1)**

12. Watter soort botsing kom voor as Fêbroewar van die ander delwers doodgemaak het? (1)

**Fisiese botsing. (1)**

13. Skryf een woord uit paragraaf 10 neer wat die aard van hierdie storie beskryf. (1)

**Skrikstorie. (1)**

**Totaal: 20 punte**

## Aktiwiteit 60: Advertensie

Dui aan of die volgende aanhalings partydigheid, stereotipering, gevoelstaal, oorredende taal of manipulerende taal is:

1. As jy nie eers jou huiswerk doen nie, mag jy nie gaan fliek nie.

**Manipulerende taal**

2. Ons netbalspan het verloor, want die hoofdoelskieter het verkoue gehad.

**Partydigheid**

3. Jy móét vars vrugte eet, want dit bevat baie vitamienes en minerale.

**Oorredende taal**

4. Is dit nie die mooiste donkie wat jy ooit gesien het nie?

**Gevoelstaal**

## Aktiwiteit 61: Taalverskynsels

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Haal 'n klanknabootsende woord uit paragraaf 1 aan.

**Hie-hô.**

2. Die geluid wat 'n donkie maak, is 'n *gebalk*. Wat noem ons die geluide wat die volgende diere maak?

2.1 'n olifant – **Trompetter**

2.2 bye – **Zoem**

2.3 ganse – **Snater / gaggel**

2.4 slange – **Sis**

2.5 vinke – **Kwetter**

3. Verduidelik waarom die woord *brakhond* as toutologie (stapelwoord) gesien kan word.

**Die woorde *brak* en *hond* beteken dieselfde.**

4. *Die boer het by homself gedink* (paragraaf 3). Watter van hierdie woorde is oortollig in dié sin? Verduidelik.

**Die woorde *by* en *homself* is oortollig. 'n mens kan net by jousef dink, jy kan mos nie by 'n ander persoon “dink” nie!**

5. Kyk mooi na elke woord in paragraaf 4. Watter woord in hierdie paragraaf is 'n vorm van toutologie (stapelvorm)?

**Rotsklip (kraal). Rots en klip beteken min of meer dieselfde.**

6. Lees weer paragraaf 4. Watter woord in hierdie paragraaf is 'n nuutskepping ('n woord wat nuut geskep is)?

**Kletterpet vir *crash helmet*.**

7. Die woord *maermerrie* (paragraaf 5) verwys na die voorkant van 'n mens se onderbeen. Waarna sal dié woord verwys as dit los (dus as *maer merrie*) geskryf word?

**Dit sal na 'n maer merrie (perd wat maer is) verwys.**

8. Haal 'n uitdrukking uit die laaste paragraaf aan wat beteken dat hy vinnig weggehardloop het.

**Laat spaander.**



9. Skryf 'n aanwysende voornaamwoord uit paragraaf 2 neer.

**Hierdie.**

10. Skryf 'n voorbeeld van 'n eienaam uit paragraaf 3 neer.

**Vaaltyn.**

## **Aktiwiteit 62: Geïntegreerde taaloefening**

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Die woord *vroegste* kom in paragraaf 1 voor. Gee die vergrotende trap van hierdie woord.

**Vroeër.**

2. Gebruik die homofoon van die woord *reis* in paragraaf 1 (dus die woord *rys*) in 'n goeie sin sodat die betekenis van dié woord daaruit afgelei kan word.

**Ons het lekker rys saam met ons vleis geëet.**

3. Verduidelik hoe die woord *sonder* (paragraaf 1) se uitspraak deur assimilasië verander word.

**Sonner.**

4. Voorvoegsels kan ook betekenis hê. Wat beteken die voorvoegsel in die woord *ongelyk* (paragraaf 1)?

**Die voorvoegsel *on-* beteken *nie*.**

5. Die woord *bergpaadjies* kom in paragraaf 1 voor. Let op die spelling van hierdie woord. Skryf die verkleining van die volgende woorde neer: loergat, houtvat, grondpad, skilpad. Skryf hierdie woorde ook in jou spellys neer.

**Loergaatjie, houtvaatjie, grondpaadjie, maar skilpadjie.**

6. Die woord *perde* kom in paragraaf 1 voor. Wat beteken die uitdrukking *dit sal nie gebeur voor die perde horings kry nie*?

**Perde het nie horings nie. Dit sal dus nooit gebeur nie.**

7. Die woord *rûe* kom in paragraaf 1 voor. Pas dieselfde reël toe en gee die meervoud van *brug*.

**Brûe.**

8. Waarom word "*onnoselheid*" in paragraaf 2 tussen aanhalingstekens geskryf?

**Die donkies is nie werklik onnosel nie.**

9. Skryf die volgende woorde oor en onderstreep die diftonge wat daarin voorkom. *Wenk*: nie al die woorde bevat diftonge nie. Skryf jou onthourympies neer.

**Ploeg (geen diftong), feit, stuipe (paragraaf 3).**

10. "Die donkie self sou boonop ook magiese genesingskrag gehad het." (paragraaf 3). In hierdie sin kom daar oortollige woorde voor. Watter woorde kan ons uitlaat sonder dat die betekenis van die sin verander?

**"Die donkie self sou boonop ook magiese genesingskrag gehad het."**

11. Watter klankverskynsel kom voor in die woord *kinkhoes* (paragraaf 3). Sê die woord hardop en luister fyn.

**Klanknabootsing.**

12. Gee die meervoud van die woord *skof* (paragraaf 3). Let op die spelling van dié woord.

**Skowwe.**

13. Word die woord *donkievel* (paragraaf 3) deur afleiding of samestelling gevorm?

**Twee stamme/basisse = samestelling.**

14. Hier is 'n uitdaging vir jou! Is daar 'n diftong in die woord *skerpioen* (paragraaf 3)? Leidraad: skryf die woord neer soos wat jy dit uitspreek.

**'n Mens spreek dit uit as skerpiejoen. Daar is dus geen diftong in hierdie woord nie.**

15. Die woord *ding* kom in die laaste sin van die leesstuk voor. Gee die meervoude van die volgende: speelding, slagding.

**Speelgoed, slaggoed (twee g's).**

16. Gee die betekenis van die volgende uitdrukkings wat met 'n donkie verband hou:

16.1 Van 'n donkie kan jy 'n skop verwag.

**Van 'n onbeskofte persoon kan jy slegte behandeling verwag.**

16.2 Net 'n donkie stamp hom twee keer teen dieselfde klip.

**Net 'n dom mens sal twee keer dieselfde fout begaan.**

17. Gebruik die woord *donkie* figuurlik in 'n sin.

**Jy is net soos 'n donkie, jy stamp jou kop twee keer teen dieselfde klip.**

18. Gee die antoniem en sinoniem van die woord *onnosel* (paragraaf 2).

**Antoniem: slim, intelligent.**

**Sinoniem: dom.**

19. Skryf die volgende sin wat in die indirekte rede is oor in die direkte rede, met ander woorde asof die persoon dit self sê. Anna het vir hom gevra of die donkies die vorige dag in die veld gewei het.

**Anna vra: "Het die donkies gister in die veld gewei?"**

**"Het die donkies gister in die veld gewei?" vra Anna.**

**Aktiwiteit 63: My eie spellys**

## Week 5 en 6

# Liewe Aarde!

### Aktiwiteit 64: Groepbespreking oor instruksies

#### Antwoorde slegs ter aanvulling van die groepsbespreking

1. Waar kom instruksies orals voor? Maak 'n lys van voorbeelde.  
**Dui apparate se werkings aan: grassnyer, ketel, broodrooster, ens. Dui aan hoe iets (waarvan die dele los is) aanmekaargesit word. Medisyne het gewoonlik instruksies oor hoe dit geneem moet word, ook resepte, ens.**
2. Watter soort sinne word gewoonlik in 'n instruksie teëgekomp?  
**Stelsinne en bevelsinne.**
3. Is dit belangrik dat daar 'n sekere volgorde is waarin instruksie gegee word? Verduidelik.  
**Die volgorde is baie belangrik. Die een stap volg gewoonlik op die volgende stap.**
4. Hoe sal instruksies hoe om 'n apparaat aan mekaar te sit verskil van 'n kookdemonstrasie?  
**Die instruksie hoe om 'n apparaat aan mekaar te sit, is gewoonlik stapsgewys en daar is meegaande prentjies. 'n Kookdemonstrasie sien jy voor jou oë hoe die persoon die gereg maak.**
5. Dink jy die gebruik van prentjies by instruksies help die persoon om dit beter te verstaan?  
**Enige persoon (van enige taalgroep) verstaan prentjies. Baie keer is die beskrywing moeilik en die woorde onbekend. Die prentjies vergemaklik die instruksies.**

### Aktiwiteit 65: 'n Onvoorbereide praatjie ...

### Aktiwiteit 66: Lees en kyk vir instruksies

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Hoeveel wilde plante in Suid-Afrika word gebruik vir kos, tee of speserye? Watter leestegniek het jy gebruik om dié antwoord te kry?  
**Sowat 100 wilde plante. Soeklees.**
2. Hoe word dit uitgehef dat jy nie wilde sampioene moet eet nie?  
**Dit word in hoofletters geskryf en daar is 'n uitroepteken.**
3. Haal 'n woord uit een van die opskrifte aan wat dieselfde beteken as *deurmekaar wemel, in alle rigtings beweeg*.  
**Krioelende.**
4. Wat merk jy op omtrent die prentjies wat by die geskryf geplaas is?  
**Dit is 'n uitbeelding van die inhoud.**
5. Watter twee sintuie gebruik 'n mens by die waarneming van helderkleurige goggas en dié wat 'n sterk reuk afgee?  
**Oë (sig) en neus (reuk).**
6. Noem twee diere wat 'n mens kan siektes gee.  
**Enige twee: vlieë, bosluise en muskiete.**
7. Noem twee insekte wat jy wel kan eet.  
**Mopaniewurms en termiete.**

8. Haal 'n klanknabootsende woord uit die pa se woorde (gedagtes) aan en skryf neer watter klank nageboots word.  
**Grom. Dit boots die gromgeluid van 'n honger maag na.**
9. Kyk na die ma en seun se gesigsuitdrukings. Beskryf dit in één enkele woord.  
**Leerders gee hulle eie antwoorde. Dit moet dit net in één woord beskryf: opgewonde / benoud.**
10. Iemand wat baie eet, noem ons 'n smulpaap. Gee die idiomatiese benaming vir die volgende ...
  - 10.1 iemand wat baie ontevrede is – **Brompot**
  - 10.2 iemand wat baie praat – **Babbelkous**

### **Aktiwiteit 67: Instruksies oor hoe om in die natuur te oorleef**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Watter drie voordele kan vuur vir die gestrande mens in die natuur inhou?  
**Dit kan jou warm hou. Dit kan gevaarlike diere weghou. Dit kan water kook en kos gaarmaak.**
2. Wat kan jy gebruik om 'n vuur aan die brand te steek as jy nie vuurhoutjies of 'n aansteker het nie?  
**Bril se lense of vergrootglas.**
3. Verduidelik hoe jy gesyferde vars water kan kry.  
**Grou 'n gat in die klam grond naby 'n rivier of dam. Die water sal deursyfer.**
4. Hoe lank moet die water gekook word voor jy dit drink?  
**15 minute.**
5. Watter leidraad kan jy volg om te weet of vrugte in die veld wel eetbaar is?  
**Kyk of die diere en voëls dit eet.**
6. Wat kan jy doen sodat die vuur wat jy gemaak het, baie rook maak sodat iemand hopelik kan opspoor?  
**Gooi nat blare en takke op. Dit maak baie rook.**

#### **Aktiwiteit 68: Poësie**

#### **Aktiwiteit 69: Hoe ry ek tot daar?**

### **Aktiwiteit 70: 'n Geïntegreerde lees-, kyk- en taaloefening**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Gebruik die woord *slag* sodat dit 'n ander betekenis het as dié in die opskrif/titel.  
**Hy slag die bees.**
2. Dink mooi! Wat is die teenoorgestelde betekenis van die woord *gesamentlike* in paragraaf 1?  
**Gedeeltelike.**
3. Skryf die meervoud van die woord *wedren* (paragraaf 1) neer.  
**Wedrenne.**
4. Gee die verkleiningsvorm van die volgende woorde:
  - 4.1 grondpad (paragraaf 1) – **Grondpaadjie**

#### 4.2 lepels (paragraaf 6) – **Lepeltjies**

5. Skryf die intensiewe vorm van die woord *hard* (paragraaf 2) neer in die volgende sin: Dit was 'n (harde) wedren.

**Klipharde.**

6. As die woord *keer* (paragraaf 3) oorrond uitgespreek word, verander sy betekenis. Dui dit aan.

**Dit sal dan verander na die woord *keur* wat beteken om iets te keur (keuse uit die beste) byvoorbeeld die keur van die boeke.**

7. Vorm 'n persoonsnaam van die woord *wen* in die volgende sin: Mathys was die (wen).

**Wenner.**

8. Slaan die betekenis van die woord *parapleeg* (paragraaf 4) in die woordeboek na.

**Dit is iemand wat die gebruik van sy twee bene (of arms) verloor het. 'n Kwadrupleeg is iemand wat die gebruik van al vier sy ledemate verloor het.**

9. Skryf die afkorting van die woord *kilometer* (paragraaf 5) neer. **km**

10. Gee die antoniem (teenoorgestelde betekenis) van die woord *eindpunt* (paragraaf 5).

**Beginpunt.**

11. Waarom word die woorde *patch* en *solution* en *cheat* skuins gedruk?

**Dit is Engelse woorde.**

12. Die woord *ent* word in paragraaf 7 gebruik.

- 12.1 Maak 'n sin met die woord *ent* sodat dit 'n ander betekenis kan hê as die betekenis in die leesstuk.

**Daar is 'n ent op my arm waar hulle my teen pokke ingeënt het.**

- 12.2 Maak 'n sin met die homofoon van *ent*, dus met die woord *end*.

**Die end is die punt waar iets ophou.**

13. Die woord *steilste* kom in paragraaf 7 voor. Maak 'n sin met elk van die volgende woorde sodat die verskil in betekenis duidelik daaruit blyk:

- 13.1 steil

**Die meisie se hare is baie reguit en steil (glad, sonder krulle). Die opdraande is steil.**

- 13.2 styl

**Haar hare is in 'n moderne styl gesny. Sy styl is 'n denimbreek met 'n formele baadjie bo-oor.**

14. Daar is twee woorde in paragraaf 8 wat teenoorgesteldes is. Skryf albei hierdie woorde neer.

**Opdraande en afdraande. Let op die spelling. Dit is nie opdraende nie.**

15. Gee 'n sinoniem vir die woord *geskerts* (paragraaf 9).

**Gespot, grappie gemaak.**

16. Die woord *oor* word in paragraaf 9 as 'n voorsetsel gebruik. Gebruik nou hierdie woord in 'n ander betekenisverband dat dit 'n selfstandige naamwoord is.

**Enige sin met oor as selfstandige naamwoord: My oor is seer. Hy klap sy maat speels teen die oor. Het jy nie ore nie? Luister as die onderwyser praat.**

17. *Die beoordelaars het die wengeld tussen ons drie verdeel* (paragraaf 9). Skryf hierdie sin in die lydende vorm oor deur te begin met: Die wengeld ...

**Die wengeld is tussen ons drie verdeel (deur die beoordelaars).**

18. Haal 'n telwoord uit paragraaf 7 aan en skryf dit in woorde neer.

**Agt.**

19. Die woorde *moes ek by my ma-hulle in die kar spring* in paragraaf 5 is van toepassing.

19.1 Gee die rede vir die gebruik van die koppelteken in die woord *ma-hulle*.

**Koppeling met *-hulle* as laaste deel van die woord.**

19.2 Skryf die meervoud van die woord *ma* neer.

**Ma's.**

## Week 7 en 8

# 'n Halfjaar is verby! Berei voor vir die eksamen ...

Aktiwiteit 71: Rolspeel die gebeure

**Aktiwiteit 72: Letterkundige begrippe: die drama**

**Voorgestelde antwoorde**

1.	Die persoon wie die drama skryf, noem ons 'n ...	<b>D.</b>	<b>Dramaturg</b>
2.	Die persoon wie die toneelspelers afrig, noem ons die ...	<b>I</b>	<b>Regisseur</b>
3.	So word die spelers in 'n drama genoem ...	<b>A.</b>	<b>Akteurs</b>
4.	Dit word gebruik dat die gehoor die spelers duidelik kan hoor.	<b>L.</b>	<b>Mikrofoon</b>
5.	Die hoofteks van 'n drama bestaan uit ...	<b>K.</b>	<b>Dialog</b>
6.	Dit wat tussen hakies staan in die teks is die ... wat aan die spelers verduidelik hoe om op te tree.	<b>J.</b>	<b>Toneelaanwysings</b>
7.	Gebeure wat mekaar opvolg (oorsaak en gevolg) noem ons die ...	<b>C</b>	<b>Intrige</b>
8.	Watter sintuig gebruik ons by 'n radiodrama?	<b>E.</b>	<b>Gehoor</b>
9.	'n Drama is nie geskryf om te lees nie, maar om ... te word.	<b>F.</b>	<b>Opgevoer</b>
10.	'n Ander naam vir konflik is ...	<b>G</b>	<b>Botsings</b>
11.	'n Persoon wat voorsê by 'n drama as die akteurs hulle woorde vergeet noem ons 'n	<b>H.</b>	<b>Souffleur</b>
12.	So word 'n radiodrama ook genoem ...	<b>B.</b>	<b>Hoorspel</b>

## Aktiwiteit 73: Letterkundige begrippe: kortverhaal en roman

### Voorgestelde antwoorde

1.	Die verteller is een van die karakters in die verhaal en gee die gebeure weer soos wat hy dit self ervaar het.	D	Eerstepersoonsverteller
2.	Dit is die plek waar die verhaal afspeel.	F.	Ruimte of plek
3.	Hy is die belangrikste karakter in die verhaal	G.	Hoofkarakter
4.	Dit is die gebeure in die verhaal wat mekaar opvolg – die oorsaak en die gevolg.	J.	Intrige
5.	Dit is die ander karakters wat die verhaal vul.	H.	Nuwe-karakters
6.	Dit is die lewensles of –waarheid wat uit 'n verhaal geleer kan word.	A.	Tema
7.	Dit is die opskrif van die verhaal.	I	Titel
8.	Hierdie soort verteller weet wat elke karakter dink en voel en sê.	E.	Alomteenwoordige verteller
9.	Hierdie soort botsing is 'n vuishou teen die gesig.	B.	Uiterlike botsing
10.	Die tyd volg op mekaar.	K.	Tydsverloop chronologies
11.	Dit is die einde van die verhaal.	L	Slot van die verhaal
12.	As 'n mens ongelukkig is oor iets is dit 'n voorbeeld van hierdie soort botsing.	C.	Innerlike botsing

## Aktiwiteit 74: Leer lag-lag die begrippe wat nodig is vir 'n lees oefening

### Vrae en voorgestelde antwoorde

#### Strokie 1

1. In die derde raampie is daar 'n kontras tussen die onderwyser se woorde en die prent wat die onderwyser uitbeeld. Verduidelik.

**Hy sê dat hy dalk gaan begin kwaad word, maar die prent beeld uit dat hy reeds woedend is.**

2. Bestudeer die leestekens wat in die derde raampie gebruik word met aandag.

2.1 Wat is verkeerd ten opsigte van die leestekens wat in hierdie raampie gebruik word?

**Daar is drie uitroepstekens. Gewoonlik gebruik 'n mens net een.**

2.2 Wat wil daardeur bereik word?

**Die baie uitroepstekens beklemtoon dat hy baie kwaad is.**

2.3 Is hierdie sin 'n feit of 'n bewering? Verduidelik.

**Hierdie is 'n mening, want die woord *dalk* dui dat hy moontlik nie gaan kwaad word nie.**

#### Strokie 2

3. In raampie 3 kom daar woordspeling voor.



3.1 Hoe word die woorde beklemtoon?

**Dit word met hoofletters geskryf.**

3.2 Verduidelik hierdie woordspeling deur neer te skryf wat die onderwyser met die maat en met Neelsie se boeke gedoen het.

**Hy het die swartkopseun se boekoortreksel in stukke geskeur, maar Neelsie s'n het hy net gevat.**

4. Hoekom het hy nie Neelsie se boekoortreksel opgeskeur nie?

**Daar is 'n mooi meisie op en die meneer wou hierdie mooi prent vir homself hou.**

5. Is die vraag in raampie 1 'n retoriese vraag? Hoekom nie?

**Die vraag word beantwoord en is dus nie 'n retoriese vraag nie.**

### **Strok 3**

6. In raampie 1 gee die onderwyser aan Gert 'n opdrag. Wat wou hy gehad het moet Gert gaan kyk het?

**Gert moes gaan kyk of Neelsie-hulle stout is.**

7. Word die woord *droogmaak* in raampie 1 letterlik of figuurlik bedoel? Verduidelik.

**Figuurlik bedoel. Hy het gevra of hulle droogmaak (stout is).**

8. Word die woorde in raampie 3 letterlik of figuurlik bedoel? Verduidelik.

**Letterlik. Hulle het regtig, werklik nie droog gemaak nie, maar wel nat.**

### **Strok 4**

9. Waaruit kan jy aflei dat dit waarna Neelsie kyk, vir hom skokkend is?

**Sy oë is groot en rond.**

10. Watter verskuilde (versteekte) betekenis is daar in Neelsie se woorde in die laaste raampie?

**Daar is baie webtuistes wat lelike goed wys wat nie vir kinders se oë bedoel is nie.**

### **Strok 5**

11. Bestudeer raampie 1 en 3 noukeurig. Watter twee woorde staan teenoor mekaar?

**Opsetlik (aspris) teenoor per ongeluk (per abuis).**

12. Hoe weet jy dat die onderwyser hard gepraat het?

**Die onderwyser se woorde is groter gedruk.**

### **Strok 6**

13. Waarvoor staan die woord *e-pos* wat in raampie 2 voorkom?

**Elektroniese pos.**

14. Waarna verwys die woorde *en ... en ...* in raampie 2?

**Dat die selfoon nog somer baie funksies het.**

15. Waarom is dit ironies dat hy in raampie 3 sê ... *dan kan die ding nog bel ook*?

**Dit is waarvoor 'n selfoon aanvanklik gemaak is ... om mee te bel. Nou kan dit verskeie ander funksies ook doen.**

## Aktiwiteit 76: Taaloefening: *Idiome oor dieregiere*

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Baie van die idiome in bostaande leesstuk se betekenis kan uit die teks afgelei word. Skryf die volgende idioom en sy betekenis neer:
  - 1.1 Elke voël sing soos hy gebek is.  
**Elke mens handel volgens sy geaardheid.**
  - 1.2 Jou stertvere gaan gepluk word.  
**Jy gaan vasgevat word.**
  - 1.3 Ek het 'n voëltjie hoor fluit.  
**Ek het 'n skinderstorie gehoor.**
  - 1.4 Hy is 'n duifie sonder gal.  
**Daar is niks sleg in die persoon nie. Die persoon is onskuldig, goed.**
  - 1.5 Hy is mossie, maar man.  
**Hy is dalk klein van liggaamsbou of nog jonk, maar hy is 'n dapper man.**
2. So vry soos 'n voël is 'n idiomatiese vergelyking. Voltooi die volgende idiomatiese vergelykings:
  - 2.1 So gereeld soos ... **klokslag**
  - 2.2 Hy praat soos 'n ... **advokaat**
  - 2.3 So koel soos 'n ... **komkommer**
  - 2.4 So koppig soos 'n ... **donkie**
3. Skryf die betekenis van die volgende idiomatiese name neer:
  - 3.1 hemelbesem – **Baie lang persoon**
  - 3.2 stoftrappertjie – **Baie kort persoon**
  - 3.3 snoeshaan – **Grootprater**
  - 3.4 smulpaap – **Iemand wat lief is om baie en lekker te eet**
4. Uit watter twee woorde is die woord *nes* (paragraaf 1) saamgestel?  
**Dit is 'n vergelyking: net soos.**
5. Verduidelik hoe mense optree wat *kop in een mus is*.  
**Hulle doen alles saam, werk nou saam.**
6. Die woord *lug* kom in paragraaf 2 voor. Kies die korrekte woord in die volgende sinne:
  - 6.1 Ek kan niks sien nie, want hy staan in my (**lig** / lug).
  - 6.2 Hy staar in die (lig / **lug**) en kyk of hy die voël kan sien.
7. Vorm 'n afleiding van die woord *troetel* (paragraaf 3) in die volgende sin: Hy (troetel) sy hasie, want hy is lief vir dié troeteldier.  
**Vertroetel.**
8. Van watter woord is die woord *intelligensie* (paragraaf 8) afgelei?  
**Intelligent.**
9. Skryf die eerste sin in die teks (paragraaf 1) in die lydende vorm. Begin jou sin so:  
Die mens ... **is vanaf die vroegste tye deur voëls gefassineer.**

10. Bestudeer die gebruik van die woord *is* in die volgende sinne:

Hy is maar baie klein.

Hy is deur die hond gebyt.

By watter sin word die woord *is* as 'n koppelwerkwoord gebruik en by watter sin as 'n hulpwerkwoord?

**In die eerste sin is dit 'n koppelwerkwoord, want daar is geen ander werkwoord in die sin nie. Die tweede sin is dit 'n hulpwerkwoord, want daar is 'n ander werkwoord (gebyt) wat saam met die hulpwerkwoord is in die sin voorkom.**

11. Skryf die teenoorgestelde van *teenspoed* (paragraaf 5) neer.

**Voorspoed.**

12. Gee 'n woord wat dieselfde beteken as *eenderse* (paragraaf 1).

**Dieselfde.**

13. Skryf die volgende sin oor en verbeter ten opsigte van leestekens en hoofletters.

die seun wat sy werk goed gedoen het het later 'n a simbool behaal

**Die seun wat sy werk goed gedoen het, het later 'n A-simbool behaal.**

## **Aktiwiteit 77: My eie spellys**

### **Week 9 en 10**

## **Halfjaareksamen**

### **Aktiwiteit 78: Halfjaareksamen [Formele assesseringstaak 3]**

Sien aparte afdeling vir memorandum van voorbeeld van 'n eksamen vraestel.

# Kwartaal 3

Week 1 en 2

## Vraelyste en vorms!

Aktiwiteit 79: Groepbespreking oor vorms en vraelyste

**Aktiwiteit 80: Luister na inligting oor vorms en vraelyste**

### **Luisterteks**

#### **Wenke oor hoe om 'n vorm te voltooi**

Volgens die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)* word 'n vorm beskryf as 'n gedrukte of geskrewe dokument wat ingevul moet word.

Hier is wenke wat jy noukeurig moet volg by die voltooiing van 'n vraelys.

1. Was jou hande alvorens jy die vorm voltooi.
2. Lees die vorm van die begin tot aan die einde deeglik deur. Moenie net wegtrek en die vraelys begin voltooi nie. Bestudeer elke vraag deeglik. Maak seker jy verstaan wat gevra word.
3. Lees die fynskrif onder aan deeglik deur. Baie mense het al in 'n strik getrap omdat hulle nie die fynskrif gelees het nie.
4. Skryf in drukskrif en gebruik 'n swart pen. Moenie jou vorm versier met allerhande kleure, krulle en prentjies nie. 'n Mens spuit ook nie parfuum of ander lekkerruikgoed op 'n vorm nie.
5. Skryf netjies en leesbaar. 'n Vorm waarin daar doodgekrap is, skep 'n swak indruk. As jy 'n fout gemaak het, vra liever 'n nuwe vorm en begin van vooraf.
6. Gebruik suiwer taal en maak seker dat jy die woorde korrek spel. 7. Maak seker dat jy die vorm korrek en volledig voltooi. Moenie onnodige inligting gee nie, maar moet ook nie belangrike inligting uitlaat nie.
8. Wanneer jou vorm voltooi is, herlees en maak seker dat alles korrek is.

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Wat is die heel eerste ding wat jy moet doen voordat jy 'n vorm invul?

**Was jou hande deeglik.**

2. Waarom is dit belangrik om die fynskrif te lees?

**'n Mens sien gewoonlik nie die fynskrif raak nie en dit kan belangrike bindende inligting bevat.**

3. Wat beteken dit as jy drukskrif moet skryf?

**Nie lopende skrif nie, maar elke letter word apart gevorm.**

4. Wat sou die rede wees waarom daar versoek word dat 'n swart pen gebruik moet word.

**Daar word baie keer afskrifte gemaak van 'n vorm en 'n swart pen kopieer die beste.**

5. Watter twee dinge moet 'n mens nooit op 'n vorm doen nie.

**Moenie die vorm versier nie en moenie reukwater daarop spuit nie.**

6. Waarom is dit belangrik dat inligting netjies en leesbaar ingevul moet word.

**Daar kan misverstande voorkom as byvoorbeeld 'n adres of telefoonnommer verkeerd gelees word.**

7. Is die volgende stelling waar of onwaar? Slegs relevante inligting word op 'n vorm ingevul.  
**Waar.**

### **Aktiwiteit 81: 'n Vraelys verskaf waardevolle inligting**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

- Bestudeer die titel van die leesstuk. Watter dubbele betekenis kan die titel hê?  
**Die titel kan beteken dat jy getel word, met ander woorde hoeveel mense daar is. Dit kan ook beteken dat elke mens van belang is.**
- Kyk mooi na die grafiese voorstelling. Wat word daardeur uitgebeeld en hoe sluit dit by die inhoud van die teks aan?  
**Die illustrasie beeld Suid-Afrika uit en dat almal getel gaan word.**
- Skryf twee woorde uit reël 1 neer wat daarop dui dat nie net sekere mense in die land getel word nie.  
**Totale telling.**
- Op watter wyse word die inligting aangaande die bevolking tydens 'n sensusopname verkry?  
**Vraelyste moet voltooi word.**
- Behalwe om die bevolking te tel tydens 'n sensusopname word nog ander waardevolle inligting bekom, noem twee.  
**Persoonlike inligting en inligting oor woonomstandighede word bekom.**
- In watter jaar is die eerste sensusopname in Suid-Afrika gehou? Watter leestegniek het jy gebruik om die inligting te bekom?  
**1996. Soeklees.**
- Is die volgende stelling waar of onwaar? Die mense moes na 'n sentrale gebied gaan om die vraelyste te voltooi. Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling uit die leesstuk.  
**Onwaar. "Sensuswerkers het van huis tot huis gegaan en inwoners moes 'n vraelys voltooi."**
- Elke vraelys het 75 vrae bevat* (paragraaf 2). Wat dink jy is die rede waarom die vraelys so baie vrae bevat het?  
**Hulle wou baie volledige inligting aangaande elke huishouding bekom.**
- In die vraelys is 50 vrae oor die individu en 25 oor die huishouding gevra. Skryf een moontlike vraag neer wat gevra is oor:
  - die individu  
**Leerder se eie antwoorde, byvoorbeeld op die vraag: Wat is die hoogste graad wat u op skool geslaag het? Graad 12.**
  - die huishouding  
**Leerder se eie antwoord, byvoorbeeld op die vraag: Beskik u huis oor lopende water? Ja.**
- Skryf neer waarom 'n persoon nie hoef bang te wees dat sy persoonlike inligting uitgelap sal word nie?  
**Alle inligting word deur die wet as vertroulik beskerm.**
- Watter voordele hou dit vir die land in as hierdie vraelyste volledig voltooi word?

**Dit sal die regering en die private sektor help met beplanning, evaluering en monitering van programme en beleid.**

12. Die sensusopname van 2011 het R3 miljard gekos.(paragraaf 5) Dink jy dit is die geld en moeite werd om 'n sensusopname te hou?

**Leerders se eie antwoorde. Ja, die inligting wat deur die vraelyste bekom is, help die regering en privaatsektor met beplanning vir die toekoms. Nee, die geld kan veel eerder gebruik word om minderbevoorregtes se omstandighede te verbeter.**

### **Aktiwiteit 82: Voltooi 'n vorm**

### **Aktiwiteit 83: Kom ons leer van woordsoorte**

#### **Voorgestelde memorandum**

1. **Skaam = byvoeglike naamwoord – attributief.**  
**Vanoggend = bywoord van tyd.**
2. **My = besitlike voornaamwoord.**  
**Knorrige = byvoeglike naamwoord – attributief.**  
**Nero = selfstandige naamwoord – eienaam.**  
**Beoordelaars = selfstandige naamwoord – soortnaam**  
**Vinnig = bywoord van wyse.**  
**Sy = besitlike voornaamwoord.**
3. **Gesondheid = abstrakte selfstandige naamwoord.**  
**Werpsele = Versamelnaam.**

### **Aktiwiteit 84: Ons leer van sinne**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Is sin 1 'n enkelvoudige of 'n saamgestelde sin? Motiveer jou antwoord.  
**Saamgestelde sin, want daar is meer as een gesegde in die sin, naamlik *kry* en *spog*.**
2. Een van bostaande sinne is 'n enkelvoudige sin. Skryf die sin neer.  
**Die perd stap om die baan vir beoordeling.**
3. Bestudeer sin twee noukeurig. Hierdie sin is 'n saamgestelde sin en bestaan uit twee hoofsinne. Skryf die twee sinne as twee aparte enkelvoudige sinne neer.  
**Die inskrywingsvorme moet ingevul word.**  
**Die inskrywingsvorme is by die skool beskikbaar.**
4. Skryf uit sin 4 'n voorbeeld van 'n byvoeglike bysin neer.  
**“...wat die minste gemiaau het...”**
5. Skryf uit sin 5 'n voorbeeld van 'n bywoordelike bysin van tyd neer.  
**“... elke dag voor hy gaan werk...”**

### **Aktiwiteit 85: Geïntegreerde taaloefening**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Skryf sinonieme (woorde wat min of meer dieselfde betekenis) neer vir:  
1.1 spog (titel) – **Grootpraat**

- 1.2 kans (paragraaf 1) – **Geleentheid**
2. Verklaar die gebruik van die koppelteken in die woord *troeteldiervriend* (titel).  
**Die koppelteken word gebruik om lees te kan vergemaklik.**
3. Skryf die antoniem van die woord *diereliefhebbers* (paragraaf 1) neer.  
**Dierehaters.**
4. Verklaar die gebruik van die ellips aan die einde van paragraaf 1.  
**Die ellips suggereer dat enige soort troeteldier gebring kan word.**
5. Skryf die manlike vorm van die woord *aap* (paragraaf 1) neer.  
**Mannetjie.**
6. Skryf die vroulike vorm van die woord *sebra* (paragraaf 1) neer.  
**Merrie.**
7. Verklaar die gebruik van die komma in paragraaf 2.  
**'n Komma word altyd voor die voegwoord *want* geplaas.**
8. Die woord *beroep* (paragraaf 2) beteken die organiseerders versoek of vra vir die eienaars om kos en water vir hulle die diere te bring. Die woord *beroep* het egter ander betekenisse ook. Maak nou 'n sin met die woord *beroep* waarin dit 'n ander betekenis het.  
**Hy is onderwyser van beroep.  
Die dominee is beroep na 'n nuwe gemeente.**
9. *Die beoordeling vind deur die loop van die middag plaas* (paragraaf 3).  
9.1 Skryf uit hierdie sin 'n bywoordelike bepaling van tyd neer.  
**“... deur die loop van die middag ...”**  
9.2 Watter woordsoort is die woord *beoordeling*?  
**Selfstandige naamwoord.**
10. Verdeel die woord *hokke* (paragraaf 2) eers in lettergrepe en dan in klankgrepe.  
**Lettergrepe = hok/ke.  
Klankgrepe = ho/(k)ke**
11. Skryf die volgende sin uit paragraaf 2 oor as 'n vraagsin. Let op die gebruik van leestekens: Diere moet in hokke wees en honde moet aan leibande wees.  
**Moet diere in hokke wees en moet honde aan leibande wees?**
12. Skryf die volgende sin oor en maak die hoofletters reg: jan se hond se naam is brak.  
**Jan se hond se naam is Brak.**
13. Waarvoor staan die afkorting DBV?  
**Dierebeskermingsvereniging.**
14. Skryf die volgende akronieme in jou spellys neer. Onthou 'n akroniem is 'n afkorting wat jy uitspreek:  
**Sasol – Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie  
Unisa – Universiteit van Suid-Afrika**

## Week 3 en 4

# 'n Padda is 'n ding wat spring

Aktiwiteit 86: Skryf 'n gedramatiseerde rolspel

Aktiwiteit 87: Dramatiseer jou rolspel

Aktiwiteit 88: Die lees van 'n drama

Aktiwiteit 89: Poësie

## Aktiwiteit 90: Direkte en indirekte rede

### Voorgestelde memorandum

Leerders skryf die volgende sinne wat in die direkte rede is oor in die indirekte rede.

1. Piet roep: “Kom help my, ek het in die water geval!”  
**Piet roep benoud dat iemand hom moet kom help, want hy het in die water geval.**
2. “Ek sal dit môre doen,” sê Anna.  
**Anna sê dat sy dit die volgende dag sal doen.**
3. “Waar was jy gister?” vra Koos.  
**Koos vra waar hy die vorige dag was.**

## Aktiwiteit 91: Woordsoorte

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Skryf die titel *Paddas waarsku glo oor rampe* neer en onderstreep die voorsetsel wat daarin voorkom.  
**Paddas waarsku glo oor rampe.**
2. Waarom word die woord *paddas* nie met 'n afkappingsteken geskryf nie?  
**Woorde wat met die letter a eindig word slegs met 'n afkappingsteken geskryf as die letter beklemtoon is. In die woord padda val die beklemtoning op die eerste deel van die woord en daarom word daar nie 'n afkappingsteken gebruik nie.**
3. Skryf uit paragraaf 1 'n voorbeeld van 'n rangtelwoord neer.  
**Sesde.**
4. Skryf uit paragraaf 1 'n voorbeeld van 'n voegwoord neer.  
**En.**
5. In paragraaf 2 tref ons die woord *episentrum* aan. Skryf die twee meervoude (wisselvorme) van die woord *sentrum* neer.  
**Sentrums en sentra.**
6. *Dié paddas het die terrein vyf dae vóór die aardbewing die stad getref het, verlaat.* Benoem in bostaande sin die hoof- en bysin.  
**Die paddas het die terrein verlaat = hoofsin.**  
**“... vyf dae voor die aardbewing die stad getref het ...” = bywoordelike bysin van tyd.**
7. Bestudeer paragraaf 4 noukeurig. Is die inhoud van die paragraaf 'n feit of 'n bewering? Motiveer jou antwoord.  
**'n Bewering, want die woord *glo* dui daarop dat die wetenskaplikes nog nie definitiewe bewyse het dat die paddas in staat is om omgewingsveranderinge op te spoor nie.**



8. Watter kontras vind ons in paragraaf 5?

**Die padda is as 'n beskermde spesie verklaar, maar word doodgemaak om as lekkerny geëet te word.**

9. *Hul boudjies verskyn nou wel gereeld op Franse tafels as 'n lekkerny ...* (paragraaf 5). Tot watter woordsoorte behoort die vetgedrukte woorde in bostaande sin?

**Gereeld: bywoord van tyd.**

**Franse: byvoeglike naamwoord.**

10. Aan watter spreekwoord laat *van een veld na die ander op soek na 'n bietjie romanse* (paragraaf 6) jou dink? (*Wenk*: die woord *gras* kom in die spreekwoord voor.)

**Die gras is nie altyd groener aan die anderkant van die draad nie.**

11. Is paragraaf 5 en 6 van leesstuk 2 aaneenskakelende of teenstellende paragrawe? Verduidelik jou antwoord.

**Aaneenskakelende paragrawe, want die stelling wat in paragraaf 5 gemaak word, naamlik dat paddas 'n gesogte lekkerny is maar beskerm moet word, word in paragraaf 6 verduidelik.**

12. Die woord *owerhede* (paragraaf 8) is in die meervoud. Skryf die enkelvoud van dié woord neer.

**Owerheid.**

13. Skryf die basisvorm van die woord *hopelik* (paragraaf 9) neer.

**Hoop.**

14. Die woord *lekkerny* kom in paragraaf 5 voor. Skryf die trappe van vergelyking van die woord lekker neer.

**Lekker, lekkerder, lekkerste.**

15. Leerders bestudeer die foto en dialoog en beantwoord die vrae wat volg:

15.1 Gebruik die homofoon van die woord *vlei* (praatborrel 1) in 'n sin sodat die betekenis duidelik na vore kom.

**Die seun vly hom op die rusbank neer.**

15.2 Skryf 'n tussenwerpsel uit praatborrel 2 neer.

**Ag.**

15.3 Verduidelik die woordspeling wat opgesluit lê in praatborrel 2.

**Die woord paranoïes, wat beteken om altyd iemand te wantrou, verwys hier na die ma padda (parra) wat die reiers in die vlei wantrou.**

15.4 Skryf die volgende sin wat in die direkte rede is oor in die indirekte rede:

Die sjef sê: "Ek hou niks daarvan om 'n gereg van paddaboudjies voor te berei nie.:

**Die sjef sê dat hy niks daarvan hou om 'n gereg van paddaboudjies voor te berei nie.**

15.5 Skryf die padda-ma se woorde in die eerste praatborrel oor en verbeter die leestekengebruik.

**"En pas tog op vir die reiers in die vlei, my kind!"**

15.6 Skryf die klein paddatjie se woorde oor in die indirekte woorde.

**Die klein paddatjie sug en sê dat sy ma tog nie so paranoïes moet wees nie.**

16. Skryf die volgende sin oor en gebruik die volgende leestekens: dubbelpunt, punt, vraagteken, hakies, aanhalingstekens, uitroepteken.

Jan het gesê van wanneer af is paddaboudjies 'n lekkerny in my oë en dit is nou net my mening is paddaboudjies maar grillerig

**Jan het gesê: “Van wanneer af is paddaboudjies 'n lekkerny? In my oë (en dit is nou net my mening) is paddaboudjies maar grillerig!”**

**Aktiwiteit 92: My eie spellys**

## Ek en my familie

### Aktiwiteit 93: Luisterbegrip

#### **Luisterteks**

#### **Kersfeestyd Familietyd**

1. As kind uit 'n baie groot familie, het ons met familiekuiers en -byeenkomste grootgeword. Die speel met die niggies en nefies was heerlik, as die gegroet van die grootmense net eers verby was. (En as ons meisiekinders oom Kosie-So-Sê se spoeg kon weggril.) As daar nie nefies en niggies saamgekom het nie, moes ons natuurlik die teemaakding doen. En my ma was baie presies oor hoe die teepot behandel moes word, en hoe die lepeltjies in die pierings moes lê.
2. Nietemin. Nou is ek groot, en die familie en familie se kinders met hulle kinders, kom by ons kuier. Nou eers sien ek hoe lekker dit is as een span op 'n slag kom kuier, ons kuier intens. Groot kuiers is vir my te oppervlakkig en ek geniet niks.
3. Dan kyk ek ook om my hoe ons dorp lyk. Kinders en familie van heinde en verre het kom uitspan by die see om vakansie te hou. Almal se huise is vol, die strate besig en oral sien jy kleinkinders saam met Ouma en Oupa rondstap.
4. Menige dag sien ek op die strand hoe Ouma en Oupa moedeloos word omdat die kleintjies hulle lam speel. "Nee, Oupa, nie nou al nie, nog net 'n rukkie," hoor jy kort-kort. Waar speel so 'n kleintjie dan nou ook lekkerder as op die strand? Ouma en Oupa dink aan die vlekke wat hulle brand in die son, maar wat wil speel, is die kleintjies!
5. In ons dorp word baie fiets gery, omdat dit so heerlik gelyk is en die strate stil. 'n Mens sien nie soseer duur fietse en mense met kleurvolle lycra-pakkies nie, maar lekker gemaklike dikwiel fietse, met mandjies voorop, vir biblioteekboeke of die dag se inkopies. Vakansietye kom daar 'n nuwe toevoeging op die fietse – sulke plastiese stoeltjies waarin 'n kleintjie agterop vasgemaak word.
6. Dit is 'n wonderlike voorreg vir die oumas en die oupas om op so 'n ontspanne manier tyd met hulle kleinkinders deur te bring en baie verrykend vir die kleintjies om 'n seevakansie te kom hou. Op die manier kry die jong ouers darem ook 'n welverdiende breek.

Verwerk vanaf maankind.wordpress.com, 22 Desember 2011.

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Skryf die rede neer waarom die skrywer met groot familiekuiers grootgeword het.  
**Sy was lid van 'n baie groot familie en as hulle almal bymekaar was, was dit 'n klomp mense.**
2. Wat was vir die skrywer lekker van die familiebyeenkomste?  
**Die speel met die niggies en nefies was lekker.**
3. Waarom het die meisiekinders vir oom Kosie-So-Sê gegril?  
**Hulle het vir sy spoegsoen gegril.**
4. Wat was die skrywer se taak as slegs die grootmense kom kuier het?  
**Sy moes vir die grootmense tee maak.**
5. Skryf die rede neer waarom dit tans vir die skrywer lekkerder is as kleiner groepe saam kuier.  
**Kleiner groepe kuier meer intens en die kuiers is nie oppervlakkig nie.**

6. Noem drie dinge wat gedurende vakansietye in die skrywer se dorp verander.
- **Al die huise is vol.**
  - **Die strate is besig.**
  - **Oral stap grootouers met hul kleinkinders.**
7. Skryf die rede neer waarom die oupas en oumas nie wil hê die kleinkinders moet te lank op die strand speel nie.
- Hulle is bang die kleintjies brand seer.**
8. Waarom ry mense graag in dié dorp fiets? Noem twee redes.
- Die strate is stil en die area is gelyk.**
9. Na watter soort fietsryers word verwys as daar van lycra-pakkies gepraat word?
- Fietsryers wat fietsry as 'n sportsoort beoefen.**
10. Vat al die redes waarom die vakansiegangers fietsry in een woord saam en voltooi die volgende sin: By die see ry die mense fiets vir **ontspanning**.
11. Watter voordeel hou 'n seevakansie in vir:
- 11.1 oumas en oupas
- Hulle kry tyd om met hul kleinkinders te spandeer.**
- 11.2 kleinkinders
- Dit verryk hul lewens.**
- 11.3 ouers.
- Hulle kry 'n welverdiende ruskansie.**

**Aktiwiteit 94: Rolspeel – prosedures tydens 'n vergadering [Formele assesseringstaak 1a]**

**Aktiwiteit 95: Hoe skryf ek 'n kennisgewing, agenda en notule?**

**Aktiwiteit 96: Lees en kyk vir begrip**

**Pre-lees**

Leerders bestudeer die foto van die skrywer van die rubriek. Hulle beantwoord die gestelde vrae.

1. Wie is die persoon?

**Nataniël**

2. Waarvoor is hy nóg bekend?

**Sang en kinderopheffingswerk.**

3. Watter verband is daar tussen die rubriek se naam en die foto?

**Nataniël is kaalkop en die rubriek se naam is "Kaalkop".**

**Post-lees**

**Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Wat bedoel Nataniël as hy sê hulle is 'n *nonsensvrye* familie (paragraaf 1)?

**Wanneer hulle familie bymekaar is, is daar min drama.**

2. Hoe kan jy die betekenis van die woord *nonsensvrye* bepaal?

**Die verklaring van die woord *nonsensvrye* word in die volgende sin gegee. Om die betekenis van die woord te bepaal, moes die leerders dus verder lees om te kon aflei wat die woord beteken.**

3. Nataniël sê in paragraaf 2 sy ma is die kersie op die koek. Watter dubbele betekenis kan hieraan geheg word?

**Dit verwys letterlik na die verglansde kersie wat in die middel van 'n koek geplaas word. Figuurlik verwys dit na sy ma wat die middelpunt vorm waarom hulle familie sentreer.**

4. Is die metafoor in paragraaf 2 waarmee Nataniël sy ma gelykstel aan 'n by in 'n boord, gepas? Motiveer jou antwoord.

**Ja, want sy ma is baie besig en vol energie net soos 'n by in 'n boord vol bloeisels wat van blom tot blom vlieg om nektar te versamel.**

5. 'n Klomp vrugtebome wat bymekaar geplant is, word 'n boord genoem. Wat noem ons 'n ry bome wat langs 'n pad geplant is?

**Laning.**

6. Wat bedoel hy as hy in paragraaf twee sê sy ma is *vlymskerp*?

**Sy ma toon baie insig en is baie goed met antwoorde.**

7. Wat doen sy ma gewoonlik volgens paragraaf 3 voordat sy begin kuier en gesels?

**Sy skakel die ketel aan en maak iets om te drink.**

8. Wat beteken die woord *buffet* paragraaf 3 en hoe kon jy die betekenis van die woord bepaal?

**'n Buffet is 'n ete waar al die kos vooraf uitgepak is en mens nie aan tafel bedien word nie. Die verklaring van die woord het later in die sin gevolg.**

9. Watter misverstand heers by sy ma as hy in paragraaf 6 sê hy is dik?

**Sy ma dink hy bedoel hy is vet, maar hy bedoel hy is versadig.**

10. Is die volgende stelling geldig of ongeldig? Nataniël se ma sorg vir haar gesin se fisiese en geestelike welsyn. Motiveer jou antwoord met 'n bewys uit die leesstuk.

**Die stelling is waar, want sy ma sorg dat hulle genoeg eet, maar sy bid vir hulle en het hulle met die nodige dissipline grootgemaak en so sorg sy vir hulle geestelike welstand. Daar is verskeie voorbeelde wat leerders kan noem.**

11. Die titel van die leesstuk is *Ons ma* en die titel van die rubriek is *Kaalkop*.

11.1 Wat is 'n rubriek?

**'n Rubriek is 'n afdeling in 'n koerant of tydskrif wat oor 'n bepaalde onderwerp handel.**

11.2 Watter dubbele betekenis lê opgesluit in die woord *kaalkop*?

**Letterlik verwys dit na Nataniël wat nie hare het nie. Figuurlik verwys dit daarna dat Nataniël reguit en onomwonde sekere sake in sy rubriek Kaalkop bespreek.**

## Aktiwiteit 97: Visuele tekste

### Aktiwiteit 98: Strokies

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

##### **Strokie 1: Zitts**

1. Watter woord in praatborrel 1 dui daarop dat dit nie die eerste keer is dat die ma na haar foon soek nie.

**Weer.**

2. Wat word te kenne gee met die beklemtoning van die woord *dié* (praatborrel 2)?

**Daardeur word beklemtoon dat die ma in één week haar selfoon al drie keer verloor het.**

3. Wat is volgens Jeremy die oplossing vir sy ma se probleem?

**Sy moet nooit haar foon neersit nie.**

4. Hoe word Jeremy se raad aan sy ma visueel uitgebeeld?

**Jeremy het die hele tyd die foon in sy hand. Hy sit nooit sy foon neer nie.**

### **Strok 2: Groeipyne**

1. Lees die opdrag wat die pa in raampie 1 vir sy seun gee. Bestudeer dan die visuele uitbeelding in raampie 2. Het die seuntjie die opdrag volgens die pa se voorskrifte uitgevoer? Motiveer jou antwoord.

**Nee. Sy pa het gesê hy moet die spyker liggies inkap en hy het dit met mening ingekap. Die visuele uitbeelding toon dat hy die hamer vinnig op en af beweeg.**

2. Die seuntjie het sy oë toegeknypt toe hy die spykers moes inslaan, wat was die gevolge daarvan? Waaruit maak jy die afleiding?

**Hy het sy pa se vingers raakgeslaan. 'n Mens kan dit aflei uit die pa se gesigsuitdrukking en omdat hy sy een hand se vingers vashou.**

**Aktiwiteit 99: Die lees 'n verhaal (slegs vir verryking)**

**Aktiwiteit 100: Skryf 'n notule [Formele assesseringstaak 2a]**

### **Aktiwiteit 101: Lydende en bedrywende vorm**

#### **Voorgestelde memorandum**

1. Hulle eet appels.

**Appels word deur hulle geëet.**

2. Die man sal die vleis braai.

**Die vleis sal deur die man gebraai word.**

3. Almal het lekker gespeel.

**Daar is lekker gespeel.**

### **Aktiwiteit 102: Taaloefening**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Skryf 'n sinoniem neer vir *booswigte* (paragraaf 1).

**Misdadigers, skurke, ens.**

2. Skryf 'n uitdrukking neer wat min of meer dieselfde beteken as *jou moses teëkom* (paragraaf reël 2). *Wenk:* Die woord *rieme* kom daarin voor.

**Jou rieme styfloop.**

3. Skryf die meervoud neer van die woord *wooneenheid* (reël 4).

**Wooneenhede.**

4. *Toe hy uit die straat uit opstaan het hy voet in die wind geslaan en laat spaander.* In hierdie sin tref ons woorde wat oortollig is aan. Skryf die sin oor en laat die onnodige woorde weg.

**Voet in die wind slaan en laat spaander beteken albei om weg te hardloop. Een van die uitdrukkings moet dus weggelaat word.**

5. *Gebreekte* (paragraaf 6) is 'n voorbeeld van 'n verlede deelwoord. Skryf die korrekte vorm van die deelwoorde in die volgende sinne neer:
- 5.1 Die (wat beseer is) skelm het weggehardloop. **Beseerde.**
- 5.2 (doen) sake het gee keer nie. **Gedane.**
- 5.3 Die (wat verwaarloos is) skelm wou die ouma se handsak gryp. **Verwaarloosde.**
- 5.4 Die (honde wat aan die blaf is) het agter die skurk aangehardloop. **Blaffende.**
- 5.5 Die polisie het 'n (wat geskryf is) verslag by my ouma afgeneem. **Geskrewe.**
6. Voltooi die volgende sin deur die gepaste voornaamwoorde in te vul:  
Dit is **my** ouma **wat** die skurk met een hou platgeslaan het. Sy het **haar** handsak gebruik in die aanval.
7. Die volgende sin uit paragraaf 6 is in die teenwoordige tyd. Skryf dit oor asof dit gister (in die verlede) gebeur het:  
Ek bars uit my nate van trots oor my super-ouma.  
**Ek het uit my nate gebars van trots oor my super-ouma.**
8. Paragraaf 5 is die ouma se direkte woorde: "Ek wou hom agternasit, maar die rumatiek pla deesdae so bietjie," het my ouma verduidelik. Skryf die sin oor in die indirekte rede. Begin jou sin as volg: Ouma het verduidelik dat ...  
**Sy ouma het verduidelik dat sy hom wou agternasit, maar haar rumatiek pla deesdae so bietjie.**
9. Skryf die volgende sin oor en gebruik 'n aandagstreep en uitroepteken om te beklemtoon dat die ouma hard gegil het:  
Ouma het die handsak gegryp en hard gegil.  
**Ouma het die handsak gegryp – en hard gegil!**
10. Maak die hoofletters in die volgende sin reg:  
Ek het vir ouma gevra of alle oumas so braaf soos sy is.  
**Ek het vir Ouma gevra of alle oumas so braaf soos sy is.**
11. Sommige selfstandige naamwoorde kry afkappingstekens in die meervoud. Skryf die volgende sin oor en maak die afkappingstekens reg:  
Die mas en pa's het in die kanos gery tot by die rivierwal waar die oupas en oumas hulle met die kombi opgelaai het.  
**Die ma's en pa's het in die kano's gery tot by die rivierwal waar die oupas en oumas hulle met die kombi's opgelaai het.**
12. Skryf die volgende sin oor en voorsien van gepaste leestekens:  
Nadat ouma haar handsak gegryp het het sy die dief oor die kop geslaan  
**Nadat ouma haar handsak gegryp het, het sy die dief oor die kop geslaan.**

**Aktiwiteit 103: Brei jou woordeskat uit**

## Week 7 en 8

# Vandag se nuus is môre se ou nuus

Aktiwiteit 104: Verken die koerant

Aktiwiteit 105: Voorbereide hardopies van 'n koerantberig [Formele assesseringstaak 1b]

## Aktiwiteit 106: Lees koerantberigte met begrip

### Vrae en voorgestelde antwoorde

#### Pre-lees

1. Bestudeer die titel van die koerantberig.

1.1 Sou jy deur slegs die opskrif van die koerantberig te lees, 'n afleiding kon maak waarom die koerantberig gaan handel? Verduidelik jou antwoord.

**Nee, die titel openbaar nie dat die inhoud inderwaarheid oor metodes wat die polisie gebruik om inligting te bekom, handel nie.**

1.2 Sou jy dit as 'n gepaste titel beskou?

**Ja, want dit trek 'n tiener se aandag, aangesien tieners graag oor hulle maats lees. Nee, want die titel vertel nie werklik dat dit eintlik oor die polisie gaan nie.**

#### Post-lees

2. Skryf die woord uit paragraaf 1 neer wat vir ons sê dat die persoon nie werklik een van hulle klasmaats was nie.

**Sogenaamde.**

3. Verduidelik in jou eie woorde wat in paragraaf 1 bedoel word met *vermomde polisieman*.

**Die polisieman was aangetrek soos een van die skool se leerders en het hom voorgedoen as 'n skoolkind. Hy het nie sy uniform aangehad nie.**

4. Skryf neer wat die rede was waarom die polisiemag hierdie aksie geloods het.

**Dit was 'n metode om dwelmsmouse op die skoolterrein te vang.**

5. Was dit 'n suksesvolle aksie wat die polisie geloods het? Motiveer jou antwoord.

**Ja, want die polisie het 12 leerlinge wat dwelms verkoop het, gevang.**

6. Skryf 'n woord uit paragraaf 2 neer wat beteken om iemand daartoe te lei om betrap te word.

**Lokval.**

7. Kan ons beweer dat die polisieman baie goed kon toneel speel? Motiveer jou antwoord.

**Ja, hy moes goed kon toneel speel, want hy het vir 'n hele paar maande saam met die leerders skool gegaan sonder dat hulle agtergekome het hy is 'n polisieman.**

8. Waarom het hulle 'n jong polisieman gebruik om die dwelmhandelaars te vang?

**Hy was jonk genoeg om soos 'n skoolkind te lyk en kon met hulle vriende maak sonder dat hulle iets agterkom.**

9. **Hands up** beteken dalk nie net om 'n vraag te beantwoord nie (paragraaf 9). Watter dubbele betekenis kan aan hierdie sin geheg word?

**Dit verwys na hand opsteek om 'n vraag te beantwoord, of om hande in die lug op te steek wanneer die polisie jou arresteer.**



## Aktiwiteit 107: Lees en begrip

### Pre-lees

Leerdere bestudeer die titel van die teks.

1. Wie is Oprah waarna daar in die titel verwys word?

**Die bekende Oprah Winfrey.**

2. Wie is gewoonlik op haar program?

**Glanspersoonlikhede.**

3. Waarvoor is sy veral in Suid-Afrika bekend?

**Sy het 'n skool vir minderbevoorregte meisies hier kom vestig.**

### Post-lees

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die volgende aanhaling met aandag: “*Ek hoop nie die roem gaan na haar kop toe nie.*”

1.1 Verduidelik wat met hierdie aanhaling bedoel word.

**Hulle hoop nie sy gaan hoogmoedig word nie.**

1.2 Waarom kan hierdie aanhaling as 'n voorbeeld van personifikasie gesien word?

**'n Menslike eienskap word aan die hond gegee. Honde kan nie hoogmoedig wees nie.**

1.3 Skryf 'n woord uit paragraaf 2 neer wat daarop dui dat me. Odette Claassen nie werklik die aanhaling bedoel het nie.

**Grappenderwys.**

2. Aan wie behoort Lisha? Skryf die persoon se naam neer. Van watter leestegniek het jy gebruik gemaak om die antwoord te vind?

**Rob Hall. Soeklees.**

3. Waarom word die woord “*weeskinders*” in paragraaf 3 tussen aanhalingstekens geskryf?

**Die woord word buite konteks gebruik. Die diere is nie werklik kinders nie.**

4. Hoe het Oprah Winfrey van Lisha te hore gekom? Noem twee.

**Odette Claassen, woordvoerder van die Oudtshoorn Cango Wildlife Ranch het inligting gestuur en daar het talle koerantberigte het op die Internet verskyn.**

5. Is dit 'n feit dat Lisha deur middel van Skype op die geselsprogram sal verskyn? Motiveer jou antwoord.

**Nee, daar was slegs sprake daarvan.**

6. Tot watter gevolgtrekking kom jy nadat jy die volledige berig aangaande Lisha gelees het? Kies een van die volgende moontlikhede en motiveer jou keuse.

6.1 Lisha is 'n baie stil en teruggetrokke hond, want sy het nooit kleintjies van haar eie gehad nie.

**6.2 Lisha is bly en opgewonde oor alle nuwe baba-diertjies wat by die huis aankom.**

6.3 Lisha is slegs opgewonde as dit jagluiperdjies is wat sy moet skoonlek en help groot maak.

6.4 Hierdie berig is nie die waarheid nie en is nie op feite gegrond nie.

7. Die frase ... *met ope "pote" ontvang* (paragraaf 8) verwys. Skryf die korrekte uitdrukking, sowel as die betekenis van hierdie aanhaling neer.

**Met ope arms ontvang. Baie bly wees oor iets.**

8. Lees paragraaf 3 'n paar keer deur. Waarom kan ons sê dat hierdie 'n beskrywende paragraaf is?

**Daar word 'n beskrywing gegee van wie die hond grootgemaak het.**

9. Lees die volgende sinne en kies een van die volgende wat dit die beste beskryf: gevoelstaal, oordedende taal, vooroordee /stereotipering.

9.1 Jou ma moet vir julle 'n labrador aanskaf, want hulle is nie aggressief nie en goed met kinders. **Oordedende taal.**

9.2 Alle bulhonde is slobberbekke wat kwyl en spoeg. **Vooroordeel/stereotipering.**

9.3 Die ou klein woefie sal sy melkies opdrink. **Gevoelstaal.**

### **Aktiwiteit 108: Bestudeer koerantfoto's**

#### **Vrae en moontlike antwoorde**

1. Wat kan julle aflei uit die agtergrond waarteen die foto geneem is? Motiveer julle antwoorde met bewyse.

**Die agtergrond dui op verwaarlosing en armoede.**

- **Die mure van die gebou is gebars.**
- **Die geroeste sinkplaat voor die venster.**
- **Die geskeurde papier op die grond.**
- **Leerders kan nog ander voorbeelde noem, solank hulle dit goed kan motiveer.**

2. Wat is die honde besig om te doen? Sluit dit aan by die agtergrond van die foto?

**Die honde krap en soek waarskynlik vlooië. Ja dit sluit aan by die verwaarloosde omgewing, waar diere heel moontlik nie gebad en teen vlooië behandel word nie.**

3. Kyk mooi na die twee honde. Waaruit kan ons aflei dat die honde tog wel versorg word?

**Die honde is nie maer en uitgeteer nie. Hulle kry dus kos om te eet.**

4. Wat sou julle sê maak van hierdie foto 'n wenfoto?

**Leerders se eie antwoorde.**

5. By watter soort berig sou die foto gepas het? Wees spesifiek.

**'n Berig oor verwaarlosing van diere.**

**'n Berig oor die Dierebeskermingsvereniging en diere wat deur eienaars agtergelaat word as hulle wegtrek. Verskeie ander moontlikhede.**

6. Kies 'n gepaste opskrif vir die foto.

**Leerders se eie antwoorde.**

### **Aktiwiteit 109: Skryf 'n koerantberig**

### **Aktiwiteit 110: Kom ons leer van sinne**

#### **Opdrag 1: Strokiesprent**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Bestudeer die kennisgewingbord in raampie 2. Watter tipe sinne is: *Sit die huppel in jou wei terug.*

### Stelsin.

2. Skryf uit raampie 3 'n voorbeeld van 'n tussenwerpsel neer.

### Jinne.

3. In die laaste praatborrel (raampie 3) vra die skaap of die klant met kontant of 'n tjek gaan betaal. Watter soort sin is: *Dan kort ju seker 'n bril, kontant of tjek?*

### Vraagsin.

4. Sinsuitbreiding beteken om 'n sin langer te maak. Brei die sin *Lank in die bek ...* uit deur die ellips met toepaslike woorde, te vervang.

### Ek voel 'n bietjie olik vandag, my maag is seer. Enige gepaste uitbreiding.

5. Sinsreduksie beteken om sinne korter te maak. Verkort die volgende sin deur een woord vir die vetgedrukte woorde te gee. Die **skapie met die baie wol** kom kla **elke dag** dat sy siek voel.

### Die *wollerige* skapie kla *daaglik* dat sy siek voel.

6. Die woord *kort* in raampie 1 beteken dat hy nie genoeg vitamene kry nie, hy kort vitamene. Gebruik nou die woord *kort* in 'n sin sodat dit 'n ander betekenis het.

### Enige sin met die woord *kort* in 'n ander betekenisverband: Die man is kort en kan nie die boek op die hoë rak bykom nie

7. *Lank in die bek* en *sit die huppel in jou wei terug*, is uitdrukkings wat verander is om by die inhoud van die strokiesprent te pas. Skryf hierdie twee uitdrukkings in hul oorspronklike vorm neer en sê wat dit beteken.

### *Sit die huppel in jou stap* terug beteken om weer gesond te voel.

### *Lank in die tand* beteken iemand is oud en het ervaring in verband met 'n saak.

8. Kies die korrekte gebruik van die woorde tussen hakies:  
Ek wei / **wy** al my aandag aan my werk.

## Opdrag 2: Koerantberig

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat beteken dit om met die *sak patats* (paragraaf 1) uit te kom? Word hierdie woorde letterlik of figuurlik gebruik?

### Om met die waarheid uit te kom. Dit word figuurlik bedoel – nie werklik 'n sak patats nie.

2. Skryf die teenoorgestelde (antoniem) van die woord *ontken* (paragraaf 3) neer.

### Erken.

3. Haal 'n sinoniem (woord wat dieselfde beteken) vir *aan die slaap geraak* uit paragraaf 2 aan.

### Ingedut.

4. *Kimberley Vlaeminck (18) het aanvanklik gesê sy het net vir drie sterretjies gevra.* Hierdie sin uit paragraaf 2 is in die indirekte rede. Skryf dit nou in die direkte rede (asof Kimberley dit self sê). Let op die gebruik van die leestekens. Begin jou sin as volg: Kimberley het gesê:

### Kimberley het gesê: “Ek het net vir drie sterretjies gevra.”

5. Die meisie was lief vir sterretjies. Vorm 'n abstrakte selfstandige naamwoord van die woord *lief* in die volgende sin: Dit was (lief) met die eerste oogopslag.

### Liefde.

6. Gee die trappe van vergelyking van die byvoeglike naamwoord *snaakse* in paragraaf 4.

**Snaaks, snaakser, die snaaksste.**

7. Die leesstuk eindig met 'n ellips. Wat is die funksie van die ellips hier?

**Die leser kan nadink oor die uiteinde van die saak.**

8. Skryf die volgende sin oor en voorsien van gepaste leestekens.

Eina die tatoeëernaald maak my seer

**Eina, die tatoeëernaald maak my seer!**

## Aapstreke

### Aktiwiteit 111: Luister met begrip

#### **Luisterteks**

#### **Aanwysings hoe om 'n apie te versorg**

1. Daar is 'n paar reëls wat 'n diere-eienaar moet nakom voordat 'n wilde dier soos 'n blou-apie as troeteldier in 'n huishouding ingebring word.
2. Sorg dat die apie 'n hok het om in te bly en 'n paal waarteen hy kan opklim. Maak die hok weekliks skoon en pak droë gras op die vloer van die hok. Gee vir hom gereeld die regte kos soos neute, bessies en sade. Gee 'n hoeveelheid volgens die apie se gewig. Moenie sjokolade vir apies gee nie, hulle kan vergiftig word en selfs doodgaan.
3. Laat die apie inent om hom te beskerm teen siektes. 'n Veearts sal weet watter entstof om vir die apie toe te dien. As ape nie geneem word vir die opvolg inentings nie, sal hulle na 'n ruk nie meer teen die siektes waarteen hulle ingeënt was, beskerm wees nie.
4. Ondersoek hom gereeld vir vlooie en bosluise. Vloobyte kan vel-allergieë veroorsaak. Die aap kan hare verloor, erg krap, rofies kan vorm, die vel kan verdik en daar kan selfs 'n velinfeksie ontstaan. Vlooie kan beheer word deur 'n verskeidenheid van produkte. Daar is ook 'n hele paar produkte wat beide vlooie en bosluise beheer.
5. Moet nooit sjampoe vir mense op ape gebruik nie. Ape se velle se pH verskil van mense sin en sjampoe vir mense kan velprobleme by honde veroorsaak. Sjampoe wat spesiaal vir ape gemaak is, kan by enige veearts, troeteldierwinkel of supermark gekoop word.
6. Indien jy bekommerd is dat jou apie se naels te lank is, vra 'n veearts om daarna te kyk en te knip indien nodig. Dit is baie maklik om apies se naels te kort te sny en dan bloei dit baie.
7. Gee voldoende aandag aan die apie. Die apie moet nie net binnenshuis gehou word nie. Sonlig en vars lug is noodsaaklik. Moenie 'n apie in 'n beknopte plek aanhou nie, hulle benodig voldoende ruimte om te kan spring en swaai.
8. Was jou hande nadat jy met die apie gespeel het.

#### **Voorgestelde memorandum**

Die leerders moet 10 aanwysings neerskryf.

1. **Sorg vir 'n skoon blyplek.**
2. **Gee die regte hoeveelheid gebalanseerde kos.**
3. **Neem die apie vir die nodige inentings.**
4. **Ondersoek die apie vir vlooie en bosluise.**
5. **Moenie apies bad met sjampoe vir mense nie.**
6. **Laat sny die apie se naels by 'n veearts.**
7. **Gee voldoende aandag aan die apie.**
8. **Neem die apie buitentoe vir vars lug en sonlig.**
9. **Moenie die apie in 'n beknopte ruimte aanhou nie.**
10. **Was jou hande nadat jy met die apie gespeel het.**

#### **Aktiwiteit 112: Mondelinge gee van aanwysings**

Aktiwiteit 113: Lees en verken 'n verhaal

Aktiwiteit 114: Poësie

**Aktiwiteit 115: Lees en kyk met begrip**

**Vrae en voorgestelde antwoorde**

### **Leesstuk 1**

1. Bestudeer die titel van die leesstuk.

1.1 Hoe word die titel uitgehef? Noem twee tegnieke.

**Groot druk en die rym van die woorde pel, sel en bel**

1.2 Waarna verwys die gebruik van die woord *vernuf* in die titel?

**Vernuf verwys na die vindingrykheid van die gholfspeler om die selfoon se nommer te skakel sodat die aap die foon moet weggooi.**

2. Watter beroep het die gholfspelers bekleed? Waaruit maak jy hierdie afleiding?

**Hulle bekleed mediese beroepe, want die woorde weg van hospitale en pasiënte in paragraaf 1 bevestig dit.**

3. Waarom word daar na die selfooneienaar as 'n *slagoffer* verwys?

**Hy was die slagoffer van misdaad. Die aap het sy foon gesteel.**

4. Watter dubbele betekenis kan aan paragraaf 5 geheg word?

- **Die selfooneienaar word 'n aap genoem omdat hy op die gholfbaan 'n selfoon gebruik het.**
- **Dit kan verwys na die aap (dier) wat die selfoon gegryp het.**

5. Het die selfooneienaar sy selfoon teruggekry? Motiveer jou antwoord?

**Die berig bevestig nie of die eienaar sy foon teruggekry het nie. Die foon kon dalk in 'n watergat beland het, of soek geraak het in die ruveld. Leerlinge se eie interpretasies.**

### **Leesstuk 2**

1. Lees paragraaf 1 met aandag. Watter gevolgtrekking kan jy hieruit maak?

**Die gevolgtrekking waartoe 'n mens kom, is dat iemand wat 'n apie as troeteldier wil aanhou deeglik ingelig moet wees oor die versorging van die dier, asook die eise wat sodanige versorging aan die eienaar gaan stel.**

2. Van watter organisasie wat omsien na ape se versorging is Wendy Macleud lid? Van watter leestegniek het jy gebruik gemaak om dié antwoord te kry?

**Wêreldsentrum vir primate. Soeklees.**

3. *Sy vermoed die apie het nie genoeg sonlig en die regte kos gekry nie en het 'n Vitamien D-en kalsiumtekort gehad* (paragraaf 7). Is hierdie sin 'n feit of 'n mening? Skryf een woord uit die sin neer om jou antwoord te bewys.

**'n Mening. Die woord *vermoed* dui daarop dat dit nie bevestig is nie.**

4. By watter ander paragraaf in die leesstuk sluit paragraaf 1 direk aan? Verduidelik.

**Paragraaf 1 sluit direk aan by paragraaf 8, want albei paragrawe dui daarop dat die 'n mens oor kundigheid moet beskik om 'n apie aan te mag hou.**

5. Skryf 'n aanhaling uit die leesstuk neer wat die rede verskaf waarom mense graag apies as geskenke gee.

**“... al lyk hulle oulik.”**

6. Daar is verskillende soorte paragrawe. 'n Beskrywende paragraaf beskryf iets, terwyl 'n evaluerende paragraaf sê of iets reg of verkeerd is en tot 'n gevolgtrekking kom. Lees paragraaf 9. Is hierdie 'n beskrywende of evaluerende paragraaf? Motiveer.

**Evaluerende paragraaf, want dit kom tot die gevolgtrekking dat apies nie eintlik geskikte troeteldiere is nie.**

#### Aktiwiteit 116: Skryf 'n verhalende opstel [Formele assesseringstaak 2b]

#### Aktiwiteit 117: Kom ons leer van sinne

##### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. *Bobbejane is koddige, slimmerige diere wat vir mense besonder fassinerend kan wees.* Is hierdie sin 'n enkelvoudige of 'n saamgestelde sin? Motiveer jou antwoord.

**Saamgestelde sin, want die sin bevat meer as een gesegde naamlik *is* en *kan wees*.**

2. Bobbejane pla die besoekers in die wildtuin.

Skryf uit hierdie sin neer:

2.1 die onderwerp – **Die bobbejane**

2.2 die voorwerp – **Die besoekers**

2.3 die gesegde – **Pla**

2.4 'n bywoordelike bepaling van plek – **In die wildtuin**

3. Bobbejane sien die appels, pere en perskes binne in motors raak. Skryf slegs die voorwerp van hierdie sin neer.

**Die appels, pere en perskes.**

4. Skryf die twee uitdrukkings in paragraaf 4 neer. Slaan die betekenis van die uitdrukkings na en skryf dit langs elke uitdrukking neer.

**Die bobbejaan agter die bult gaan haal – Moeilikheid vooruitloop.**

**Jy lyk 'n mooi bobbejaan – 'n Dom persoon.**

5. *Ook party besoekers aan wildtuine het nare herinneringe aan bobbejane* (paragraaf 3). Watter soort sin is dit hierdie? Kies uit die volgende: vraagsin, bevelsin, stelsin.

**Stelsin.**

6. Bestudeer die lidwoorde in paragraaf 6 noukeurig. Daar is twee lidwoorde, naamlik 'n en die. Watter een is 'n bepaalde lidwoord en watter een is 'n onbepaalde lidwoord?

**'n – onbepaalde lidwoord.**

**die – bepaalde lidwoord.**

7. Skryf die volgende sin, wat in die teenwoordige tyd is, oor in die verlede tyd: Daar gryp die bobbejaan nou die appel van die tafel af.

**Die bobbejaan het toe die appel van die tafel af gegryp.**

#### Aktiwiteit 118: Geïntegreerde taaloefening

##### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Benoem die volgende klankverskynsels wat in die volgende woorde uit paragraaf 3 kan voorkom:

1.1 *ondersoek* uitgespreek as *onnersoek* – **Assimilasie.**

1.2 *gebeure* verkeerderlik uitgespreek as *gebere* – **Ontronding.**

2. Verdeel die woord bobbejane eers in lettergrepe en dan in klankgrepe.  
**Bob – be – ja – ne = lettergrepe.**  
**Bo – (b)be – ja – ne = klankgrepe.**
3. Die meervoud van die woord *sentrum* (paragraaf 5) is *sentrums*. Skryf nou nóg 'n meervoud vir die woord *sentrums* neer.  
**Sentra.**
4. Die woord *lyk* in paragraaf 1 word as 'n werkwoord in daardie sin gebruik. Gebruik nou die woord *lyk* as 'n selfstandige naamwoord in 'n sin.  
**Die lyk lê in die kis.**
5. Skryf die verkleining van die woord *beserings* (paragraaf 4) neer.  
**Beserinkies.**
6. Waarom word die woord *bloeddruk* (paragraaf 5) met twee d's geskryf?  
**Die woord *bloeddruk* is 'n samestelling wat uit twee basisse bestaan. Omdat die woord *bloed* eindig op die letter d en die woord *druk* begin met die letter d word die woord *bloeddruk* met twee d's gespel.**
7. In Australië woon die Australiërs, Wat noem ons die inwoners van die volgende lande:
  - 7.1 Brittanje – **Britte**
  - 7.2 Frankryk – **Franse**
  - 7.3 Italië – **Italianers**
  - 7.4 Duitsland – **Duitsers**
  - 7.5 China – **Chinese**
8. Skryf die volgende sin oor en voltooi die voornaamwoorde: Die bobbejaan **wat** daar sit, is die navorsingspan **s'n** wat **hulle** eksperimente uitvoer.
9. Haal drie woorde uit paragraaf 1 aan wat dieselfde beteken as *doodmaak*.  
**van kant maak**
10. Skryf die antoniem (teenoorgestelde betekenis) van die woord *halsstarrig* (paragraaf 3) neer.  
**Gedienstig/inskiklik.**
11. Word die woorde *agter die bult gaan haal* (paragraaf 1) letterlik of figuurlik bedoel? Verduidelik.  
**Dit word figuurlik bedoel. Die bobbejaan word nie regtig agter die bult gaan haal nie. Die uitdrukking beteken om moeilikheid te verwag voordat dit gebeur het.**
12. Dié bobbejane is stoute diere. Die woord *dié* word beklemtoon deur die klemteken. Skryf nou hierdie sin oor en beklemtoon die woord *stoute*.  
**Die bobbejane is stóúte diere.**
13. Skryf die volgende sinne oor en voorsien van gepaste leestekens.
  - 13.1 Nadat die bobbejane die piesangs geëet het het hulle vlooie gesoek  
**Nadat die bobbejane die piesangs geëet het, het hulle vlooie gesoek.**
  - 13.2 Die bobbejane mannetjies en wyfies is in die toetse gebruik  
**Die bobbejane – mannetjies en wyfies – is in die toetse gebruik.**
  - 13.3 Bobbejane vreet graag appels piesangs koejawels en vye  
**Bobbejane vreet graag appels, piesangs, koejawels en vye.**



### **Aktiwiteit 119: Toets [Formele assesseringstaak 3]**

Sien aparte afdeling 3 vir die toepaslike memorandum van 'n voorbeeld van 'n toets.

# Kwartaal 4

Week 1 en 2

## Boeke met stories

Aktiwiteit 120 Bekendstelling van 'n spreker [Formele assesseringstaak 1a]

Aktiwiteit 121: Hardoplees [Formele assesseringstaak 1b]

Aktiwiteit 122: Lees 'n verhaal

### Aktiwiteit 123: Lees en kyk met begrip

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat beteken die uitdrukking: *Jy moet jou woorde sluk*?

**Jy moet jou woorde terugtrek of jy moet dink voor jy iets sê.**

2. Word die uitdrukking *Jy moet jou woorde sluk* letterlik of figuurlik in die leesstuk gebruik? Motiveer jou antwoord.

**Letterlik. Will moes werklik die blaaië met woorde eet en insluk.**

3. Wat dink jy was die rede waarom Will Parkinson die uitdaging aanvaar het om 'n boek op te eet? Kies een van die volgende moontlikhede en motiveer jou keuse.

a. Hy wou 'n nuwe wêreldrekord opstel.

b. Hy wou in die volgende boek van die skrywers genoem word.

**c. Albei die vorige redes het hom oorreed. (Hy wou 'n wêreldrekord opstel en hy wou in die volgende boek genoem word.)**

4. *Will het sy ongewone ete vroeër dié maand by Waterstone se winkel in Piccadilly geniet* (paragraaf 6). Dink jy die woord *geniet* is 'n gepaste woordkeuse?

**Nee, want dit kan tog nie lekker wees om 'n boek te eet nie.**

5. Hoeveel uur het dit hom geneem om die boek op te eet?

**Sewe-uur. Hy het tienuur begin eet en vyf uur was sy bord skoon.**

6. Bestudeer die volgende sin uit paragraaf 6 en beantwoord dan die vrae daarvoor gestel. *Teen drie-uur het Will die eerste agt maande van die dagboek verorber en toe gevoel dis tyd om te eksperimenteer.*

6.1 Verduidelik die gebruik van die woorde *agt maande*. Hoekom staan daar nie *agt hoofstukke* nie?

**Die boek wat hy geëet het is 'n dagboek wat in maande, weke en dae ingedeel is en nie in hoofstukke nie.**

6.2 Vervang die woord *verorber* met 'n meer neutrale woord.

**Opgeëet.**

6.3 Wat, dink jy, was die rede dat Will na vyf uur besluit het om te eksperimenteer?

**Teen die tyd was dit seker al baie moeilik om die boek te eet en hy moes iets nuuts probeer om die eet lekkerder en makliker te maak.**

7. Waarom, dink jy, beveel Will 'n voedselverwerker aan as iemand 'n boek wil eet?

**Met 'n voedselverwerker kan die boek se blaaië fyngemaal en met ander bestanddele gemeng en verwerk word tot iets meer eetbaar as gewone papier.**

8. Wat sal jy sê moet 'n mens met 'n boek doen eerder as om dit te eet?

**Natuurlik moet 'n mens liever 'n boek LEES.**

### **Aktiwiteit 124: Lees en kyk met begrip na 'n visuele teks**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Die woorde *verseker* en *virseker* is van toepassing.

1.1 Slaan die betekenis van die woorde *verseker* en *virseker* in die woordeboek na en skryf die betekenis neer.

**Vir seker (eintlik twee woorde) beteken binne konteks dat dit definitief so is.**

**Verseker beteken binne konteks om deur 'n premie te betaal 'n mens 'n waarborg het dat as jou besittings iets oorkom die waarde daarvan aan jou uitbetaal sal word.**

1.2 Die woord *virseker* is afkomstig van die Engelse woord *for sure*. Skryf 'n meer aanvaarbare Afrikaanse woord vir *virseker* neer.

#### **Beslis**

1.3 Wat dink jy is die rede waarom die adverteerders die woord *virseker* vir hul advertensie verkies?

**Die woordspeling en rym.**

2. Bestudeer die foto in die advertensie. Wat word hier voorgestel?

**Dit is 'n foto van 'n melktert.**

3. Hoe sluit die woorde *trots Afrikaans* by die visuele uitbeelding aan?

**'n Melktert is 'n gereg eie aan Suid-Afrika. Afrikaans is een van ons amptelike tale wat sy ontstaan in ons land het net soos die melktert. Ons is trots op ons erfenis.**

4. Hoe word die versekeringsmaatskappy se naam uitgehef?

**Die twee kleure waarin die woord *virseker* gedruk is beklemtoon dat die maatskappy beslis 'n goeie keuse is.**

5. Hoe sluit die gebruik van melktert in hul advertensie aan by die voordele wat die maatskappy bied?

**Die melktert sluit aan by die voordeel dat die maatskappy die inhoud van jou yskas en vrieskas dek.**

### **Aktiwiteit 125: Bevorder die lees van Afrikaans**

### **Aktiwiteit 126: Kom ons hersien direkte en indirekte rede**

#### **Sinne en voorgestelde antwoorde**

1. Skryf die volgende sinne wat in die direkte rede is oor in die indirekte rede:

1.1 Piet sê: "Ek het gister 'n Kindle e-leser as geskenk gekry."

**Piet sê dat hy die vorige dag 'n Kindle e-leser as geskenk ontvang het.**

1.2 "Waar kan ek môre vir my 'n e-leser gaan koop?" vra Anna.

**Anna vra waar sy die volgende dag vir haar 'n e-leser kan gaan koop.**

1.3 "Sjoe! Ek wens ek kan ook een kry!" het Marie uitgeroep.

**Marie het verlangend uitgeroep dat sy wens sy kan ook een kry.**

2. Skryf die volgende sinne wat in die indirekte rede is oor in die direkte rede:

2.1 Johan het moedeloos gevra of sy e-leser regtig stukkend is.

**“Ag nee, is my e-leser regtig stukkend?” vra Johan.**

2.2 Die tegnikus antwoord dat hy nie weet nie, hy sal dit eers moet toets.

**Die tegnikus antwoord: “Ek weet nie, ek sal dit eers moet toets.”**

2.3 Yolanda het uitgeroep dat sy dit haat om te lees.

**“Ek haat dit om te lees!” roep Yolanda uit.**

### **Aktiwiteit 127: Kom ons hersien die lydende en bedrywende vorm**

#### **Sinne en voorgestelde antwoorde**

1. Die leerder lees 'n boek.

**'n Boek word deur die leerder gelees.**

2. Wie het die boek geskryf?

**Deur wie is die boek geskryf?**

3. Moenie hierdie boek lees nie.

**Hierdie boek moet nie gelees word nie.**

4. Die klas sal die boek lees.

**Die boek sal deur die klas gelees word.**

5. Die mediasentrum het nuwe boeke aangekoop.

**Nuwe boeke is deur die mediasentrum aangekoop.**

### **Aktiwiteit 128: Geïntegreerde taaloefening**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Skryf 'n woord uit paragraaf 1 neer wat dieselfde beteken as *tydperk*.

**Era.**

2. Skryf die verkleinwoord van die woord *dinge* (paragraaf 2) neer.

**Dingetjies.**

3. Gee een woord vir die druk wat vriende op mekaar plaas nie (paragraaf 2).

**Groepsdruk of portuurdruk.**

4. Gee een woord vir die woorde tussen hakies.

Die tydskrif verskyn (elke week). **Weekliks.**

5. Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer.

Sy broer se (belangstel) is rekenaars. **Belangstelling.**

6. Skryf die meervoud neer van die woord ma in paragraaf 4. **Ma's.**

7. Met die koms van Titania was Josua nie meer so verveeld nie (paragraaf 4). Maak 'n sin met die woord *vervelig* sodat die betekenis duidelik na vore kom.

**Rekenaarspeletjies raak vervelig as 'n mens die hele dag daarmee speel.**

8. *Lewensgevaarlik* (paragraaf 5) is die intensiewe vorm van die woord *gevaarlik*. Skryf die intensiewe vorme neer van die volgende woorde:

8.1 hoog – **Hemelhoog**

8.2 sterk – **Ystersterk**

8.3 vinnig – **Blitsvinnig**

8.4 koud – **Yskoud**

8.5 bekend – **Alombekend**

9. Die woord *mynveld* (paragraaf 1) is 'n samestelling. Skryf neer of die volgende woorde deur middel van samestelling, samestellende afleiding of afleiding gevorm is.

9.1 verdrinking (paragraaf 3) – **Afleiding**

9.2 tiener (paragraaf 4) – **Afleiding**

9.3 tienergoed (paragraaf 5) – **Samestelling**

10. Om als te kroon word die tienerjarige blonde bom, Titania, deur haar voogde gedump by die Van Edens. Skryf hierdie sin neer en onderstreep die voorsetsels wat daarin voorkom.

**Om als te kroon word die tienerjarige blonde bom, Titania, deur haar voogde gedump by die Van Edens.**

11. Josua van Eden is 'n tipiese tiener (paragraaf 4). Hierdie sin is 'n enkelvoudige sin, want dit bevat slegs een gesegde. Brei hierdie sin uit tot 'n saamgestelde sin deur 'n byvoeglike bysin by te voeg.

**Josua van Eden van wie ons in die boek lees, is 'n tipiese tiener.**

**Sien leerders se antwoorde.**

12. Skryf die antoniem van die woord **vriende** (paragraaf 1).

**Vyande.**

13. En moenie vergeet van die druk wat vriende op mekaar plaas nie (paragraaf 2). Word die woord *druk* hier letterlik of figuurlik gebruik? Verduidelik jou antwoord.

**Die woord *druk* word figuurlik gebruik. Dit verwys daarna dat die vriende dit vir hulle moeilik maak.**

14. Verklaar die gebruik van die komma in die laaste paragraaf.

**Die komma word hier gebruik om te onderskei tussen die verskillende tienergoed wat opgenoem word.**

15. Met watter leestekens sou jy die hakies in die laaste paragraaf kon vervang? Skryf die gedeelte oor en vervang die hakies.

**Gooi daarby in alle ander tienergoed wat gebeur – partytjies sonder ouertoesig, skoolgevegte, ens. – en jy het 'n boeiende verhaal.**

**Aktiwiteit 129: My eie spellys**

## Cheers op musiek

### Aktiwiteit 130: Luisterbegrip

#### **Luisterteks**

#### **Musiek maak 'n mens slimmer**

1. Klassieke musiek is goed vir breinontwikkeling. Dit word selfs vir babas gespeel terwyl hulle nog in die baarmoeder leef.
2. Dis byna onmoontlik om instrumente soos die viool goed te bespeel as 'n mens nie alreeds as kind daarmee begin het nie. Ouers laat hul kinders musieklesse neem om selfdissipline in te skerp. Daar is ook al bewys dat musieklesse akademiese prestasies, geheue en konsentrasie verbeter.
3. Musiek is van die min aktiwiteite wat die hele brein betrek. Dit help ook om nuwe tale aan te leer. Musiek help om stres, depressie en angstigtheid te verminder en help om te kan ontspan en te kan slaap.
4. Mozart se musiek, soos barokmusiek, het 'n 60 slae per minuut patroon. Dit aktiveer die linker- en die regterbrein, wat 'n mens help om te leer.
5. Klassieke musiek moet beskou word as energiegewend met 'n positiewe emosionele krag. Laat die musiek begin!

Verwerk uit [www.vlv.co.za](http://www.vlv.co.za) 20 Januarie 2012

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Voltooi die ontbrekende woord: Om na klassieke musiek te luister ontwikkel jy jou ... **brein.**
2. Watter strykinstrument moet 'n mens so vroeg as moontlik leer bespeel?  
**'n Viool.**
3. Waarom laat ouers hulle kinders musieklesse neem?  
**Dit gee selfdissipline.**
4. Noem twee goed wat verbeter as 'n mens musieklesse neem.  
**Akademiese prestasie, geheue en konsentrasie. (Enige twee.)**
5. Is die volgende stelling waar of vals? Musiek betrek die hele brein.  
**Waar.**
6. Wat kan 'n mens doen as jy sukkel om te slaap?  
**Luister na klassieke musiek.**
7. Hoeveel slae per minuut het barokmusiek?  
**60 slae.**
8. Skryf in jou eie woorde wat die volgende sin beteken: klassieke musiek is energiegewend.  
**Klassieke musiek stimuleer jou en gee energie.**

Aktiwiteit 131: Rolspel

Aktiwiteit 132: Kortverhaal

Aktiwiteit 133: Poësie

## Aktiwiteit 134: Geïntegreerde taal- en begripsoefening

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die meegaande embleem noukeurig.
  - 1.1 Wat stel die lyf van die spinnekop voor?

**Dit is die verstelknoppie van 'n radio, musiekinstrument of iets soortgelyks.**
  - 1.2 Deur slegs na die prent te kyk, watter soort musiek kan 'n mens in hierdie kompetisie verwag?

**Rockmusiek.**
2. In reël 1 tref ons die woorde *groter* en *beter* aan.
  - 2.1 Skryf die oortreffende trap van die woord *groter* neer. **Die grootste.**
  - 2.2 Skryf die stellende trap van die woord *beter* neer. **Goed.**
3. Gee 'n sinoniem vir die woord *braves* in paragraaf 1. **Dapperes.**
4. Skryf 'n wisselvorm vir die woord *kitaar* neer. **Ghitaar.**
5. Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer:

Die orkeste (kompetisie) teen mekaar. **Kompeteer.**
6. In paragraaf drie kom die woord *vuurwarm* voor. Gee die intensiewe vorm van die volgende woorde:
  - 6.1 vreemd – **Wildvreemd**
  - 6.2 nodig – **Broodnodig**
  - 6.3 skerp – **Vlymskerp**
  - 6.4 goedkoop – **Spotgoedkoop**
  - 6.5 bitter – **Galbitter**
7. Watter afleiding kan jy maak uit die woorde *as jy voel jy kan nog nie jou kitaar goed genoeg tokkel nie, moet jy dalk eerder net die konserte bywoon* (paragraaf 1)?

**Die kitaarspelers in die orkeste wat aan die kompetisie deelneem, speel baie goed.**
8. Skryf 'n woord uit paragraaf 3 neer wat aandui dat die kompetisie nie baie verander het van vorige jare nie. **Effens.**
9. Skryf 'n versamelnaam uit paragraaf 5 neer. **Paneel beoordelaars.**
10. Wat is die *kassie* waarna daar in paragraaf 7 verwys word? **Televisie.**
11. Skryf die erkende afkorting vir jou antwoord van vraag 9 neer. **TV.**
12. In paragraaf 1 tref ons die woorde *jy* en *jou* aan. Watter soort voornaamwoorde is hierdie twee woorde?

**Jy = persoonlike voornaamwoord.**  
**Jou = besitlike voornaamwoord.**
13. Watter woordsoort is die woord *die* in paragraaf 1?

**Aanwysende voornaamwoord.**
14. Skryf uit paragraaf 4 'n voorbeeld van die infinitiewe werkwoord neer.

**Om deel te neem.**
15. Die opgewonde deelnemers het dadelik begin oefen vir die kompetisie. Skryf 'n voorbeeld van 'n teenwoordige deelwoord uit bostaande sin neer. **Opgewonde.**

16. In paragraaf 2 tref ons die woord *bekendheid* aan.

16.1 Skryf die woord oor en onderstreep die agtervoegsel. **Bekendheid.**

16.2 Skryf die basiswoord van dié woord neer. **Ken.**

17. *Die uitdunne word opgeneem en op MK uitgesaai.* Skryf hierdie sin uit paragraaf 6 oor in die ontkennde vorm.

**Die uitdunne word nie opgeneem en op MK uitgesaai nie.**

18. Skryf die organiseerder se direkte woorde in paragraaf 3 oor in die indirekte rede. Begin jou sin as volg: Die organiseerder sê dat ...

**Die organiseerder sê dat die vuurwarm kompetisie daardie jaar effens anders gaan werk.**

19. Gee die rede vir die gebruik van die komma in paragraaf 7.

**Voor die voegwoord *want* word daar altyd 'n komma geplaas.**

### **Aktiwiteit 135: Kom ons leer van tydsvorme**

#### **Voorgestelde antwoorde**

1. Jack Parow begin sing.

**Jack Parow het begin sing.**

**Jack Parow sal begin sing.**

2. Die orkes speel die heel aand.

**Die orkes het die heel aand gespeel.**

**Die orkes sal die heel aand speel.**

3. Die kitaar se snare word gestel.

**Die kitaar se snare is gestel.**

**Die kitaar se snare sal gestel word.**

4. Die orkes bestaan uit 'n dromspeler, twee kitaarspelers en 'n hoofsanger.

**Die orkes het bestaan uit 'n dromspeler, twee kitaarspelers en 'n hoofsanger.**

**Die orkes sal bestaan uit 'n dromspeler, twee kitaarspelers en 'n hoofsanger.**

5. Piet se orkes wen.

**Piet se orkes het gewen.**

**Piet se orkes sal wen.**

### **Aktiwiteit 136: Ontwerp 'n plakkaat en skryf 'n dagboekinskrywing**



## Ons asemrowende aarde

### Aktiwiteit 137: Luisterbegrip

#### **Luisterteks**

#### **Ons asemrowende AARDE**

**Die Aarde is die derde planeet van die son af en die vyfde grootste van die agt planete in ons sonnestelsel.**

1. Die heelal bestaan uit miljoene sterrestelsels, en elkeen bestaan uit geweldig baie sonnestelsels. Die sigbaarste deel van die sterrestelsel waarvan die Aarde se sonnestelsel deel is, is die Melkweg. Ons son is die naaste ster aan die Aarde. Die aarde is een van agt planete wat om die son draai. Sover ons weet, is dit al planeet waarop daar lewe is.

#### **Wat het ons nodig om op die Aarde te bestaan?**

2. **Kos (voedingstowwe)** Ons kan nie alleen van sonlig leef nie. Ons het voedingstowwe ook nodig. Daarom is plante en diere ook vir ons belangrik. Plante het die wonderlike vermoë om sonlig op te vang en dit te gebruik om kos op te bou. As ons dan die plante eet, voed hierdie kos ons liggaam sodat ons kan leef.
3. **Vrugbare grond** Plante het meer as net sonlig nodig om kos te vervaardig. Hulle moet die bestanddele vir die kos met hul wortels uit die grond haal. Vrugbare grond is dus ook vir oorlewing nodig.
4. **Water** Ons sou glad nie sonder water kon oorleef nie en plante en diere ook nie.
5. **Suurstof** Ons het ook suurstof nodig wat ons inasem. Hierdie suurstof kom in vars lug voor en word voortdurend deur die plante aangevul. Plante neem die ou lug op wat diere uitasem en vorm weer suurstof wat hulle aan die lug afgee.
6. Sover ons weet, is ons planeet die enigste een met lewende dinge soos plante en diere daarop. Die Aarde is ook al planeet in die sonnestelsel waarop water in drie vorme voorkom: as vaste stof (ys), 'n vloeistof (reën, seewater) en as 'n gas (wolke, stoom). Ons planeet is voorwaar 'n wêreld waarin verskeie wonders opgesluit lê.

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Bestudeer die titel van die luisterstuk en luister ook aandagtig na die voorlesing daarvan.
  - 1.1 Hoe sluit die foto in die *Leerderboek* aan by die inhoud van die luisterstuk?  
**Die foto illustreer die aardbol en die luisterstuk handel oor die aarde.**
  - 1.2 Hoe word die woord *aarde* tipografies uitgehef?  
**Dit word uitgehef deurdat dit groter en in hoofletters gedruk is.**
  - 1.3 Luister weer na die voorlesing van die titel. Hoe word die woord *aarde* in die voorlesing beklemtoon.  
**Die woord word harder en stadiger gelees.**
2. Wat word die sigbaarste deel van die sterrestelsel genoem?  
**Die Melkweg.**
3. Is die volgende stelling waar of onwaar? Die son is die ster wat die naaste aan die Aarde is.  
**Waar.**
4. Skryf die vier noodsaaklike dinge neer om op die Aarde te kan oorleef.

### **Kos, vrugbare grond, water en suurstof.**

5. Suurstof kom in vars lug voor en word voortdurend deur die plante aangevul, watter ander funksie vervul plante ten opsigte van suurstof?

### **Plante neem die ou lug op wat diere uitasem en vorm weer suurstof wat hulle aan die lug afgee.**

6. Is dit 'n feit dat daar slegs op die Aarde lewe bestaan? Motiveer jou antwoord.

### **Ja. Sover die mens se kennis strek is die aarde die enigste planeet met lewende dinge.**

7. In watter drie vorme kom water op ons planeet voor?

### **Vloeistof, vaste stof en 'n gas.**

8. Wat is die aard van hierdie luisterteks? Kies een van die onderstaande tekstipes en motiveer jou keuse.

- a. **Feitlike teks.**
- b. Verhalende teks.
- c. Grafiese teks.

### **Aktiwiteit 138: Lees 'n spanningsverhaal**

### **Aktiwiteit 139: Poësie**

### **Aktiwiteit 140: Skryf 'n feitelike opstel**

### **Aktiwiteit 141: Lewer 'n toespraak [Formele assesseringstaak 1c]**

### **Aktiwiteit 142: Geïntegreerde taaloefening**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. *Die weer het 'n groot invloed op ons daaglikse bedrywighede* (paragraaf 1).  
Skryf bostaande sin oor in die negatief.  
**Die weer het nie 'n groot invloed op ons daaglikse bedrywighede nie.**
2. Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer.  
Die weer (invloed) ons bedrywighede. **Beïnvloed.**
3. Suid-Afrika (subopskrif) word met 'n koppelteken geskryf omdat dit 'n aardrykskundig naam is. Gee die redes waarom die volgende woorde met koppeltekens geskryf word:
  - 3.1 eeue-oue. 'n **Opeenvolging van klinkers.**
  - 3.2 bo-sluis. **Om verwarring te voorkom.**
4. *Gelukkig is die weer meestal sonnig in Suid-Afrika...* (subopskrif). Benoem die volgende woordsoorte:
  - 4.1 is – **Koppelwerkwoord**
  - 4.2 weer – **Selfstandige naamwoord: soortnaam**
  - 4.3 meestal – **Bywoord van tyd**
  - 4.4 in – **Voorsetsel**
  - 4.5 Suid-Afrika – **Selfstandige naamwoord: eienaam**
5. Die woord *reën* (paragraaf 2) word met 'n deelteken geskryf. Plaas deelteken op die onderstaande woorde indien nodig:
  - 5.1 dieet – **Geen deelteken.**

5.2 finansieel – **Geen deelteken.**

5.3 kooperasie – **Koöperasie.**

6. Skryf 'n sinoniem vir die woord *oggend*, paragraaf 2, neer.

**Soggens.**

7. Is die drie vraagsinne wat in paragraaf 2 voorkom, algemene of spesifieke vraagsinne? Motiveer jou antwoord.

**Algemene vraagsinne, want daar is nie vraagwoorde in die sinne nie.**

8. Skryf die verkleining van die woorde *trui* en *reënjas* (paragraaf 2) neer.

**Truitjie en reënjassie.**

9. *As dit reën maak my ma sop.* Ontleed hierdie sin en dui aan:

9.1 die gesegde – **Maak**

9.2 die onderwerp – **My ma**

9.3 die voorwerp – **Sop**

9.4 bywoordelike bepaling van tyd – **As dit reën**

10. *As die son skyn werk ons in die tuin, of ons gaan swem.* Is hierdie 'n enkelvoudige of 'n saamgestelde sin?

**Saamgestelde sin, want daar is meer as een gesegde in die sin.**

11. Skryf die volgende sin, wat die lydende vorm is, oor in die bedrywende vorm:

*Die klimaat word deur die algemene of gemiddelde weerpatroon van 'n gebied bepaal*

**Die algemene of gemiddelde weerpatroon van 'n gebied bepaal die klimaat.**

12. *“Die meeste van ons loer by die venster uit om te sien hoe die weer vandag lyk,” sê die weervoorspeller.* Skryf hierdie sin wat in die direkte rede is oor in die indirekte rede. Begin jou antwoord as volg: Die weervoorspeller sê dat ...

**Die weervoorspeller sê dat die meeste van hulle by die venster uitloer om te sien hoe die weer daardie dag lyk.**

13. Slaan die betekenis van die volgende idiome in 'n woordeboek na en skryf dit neer.

13.1 As dit pap reën moet jy skep.

**As geleenthede na jou kant toe kom, moet jy dit aangryp.**

13.2 Dit reën katte en honde.

**Dit reën baie hard.**

14. Word die volgende uitdrukking letterlik of figuurlik bedoel? Die tiener is deur die weer, want hy het al sy skoolboeke by die huis vergeet.

**Dit word figuurlik gebruik. Dit beteken die tiener is deurmekaar.**

15. *Dit is 'n lekker sonnige dag.* Skryf die sin oor en onderstreep die koppelwerkwoord wat daarin voorkom.

**Dit is 'n lekker sonnige dag.**

16. *Dit het hard gereën verlede nag.* Skryf die sin oor en onderstreep die hulpwerkwoord van tyd wat daarin voorkom.

**Dit het hard gereën verlede nag.**

17. Die woord *meeste* (paragraaf 2) is in die oortreffende trap. Skryf die stellende en vergrotende trap van die woord *meeste* neer.

**Baie meer; die meeste.**

18. Skryf 'n antoniem vir die woord *verskil* in paragraaf 4 neer.

**Ooreenkoms.**

### **Aktiwiteit 143: Kritiese taalbewustheid**

#### **Voorgestelde memorandum**

1. Het jy gehoor van die blondine wat flaterwater op die rekenaarskerm gebruik het om die foute in haar tikwerk mee uit te wis?

**Stereotipering, naamlik dat blondines dom is.**

2. U, sal met my moet saamstem dat ons ons natuur verwoes.

**Oorredende taal.**

3. Jy gaan nie saam met jou maats fliék voordat jy nie jou kamer opgeruim het nie.

**Manipulering.**

4. Ek bly al tien jaar in die Wes-Kaap en al het die Stormers nie vandag gewen nie, bly hulle die beste span.

**Partydigheid.**

5. Die arme oumatjie se karige pensioengeldjie is deur 'n boef geroof.

**Gevoelstaal.**

## Week 9 en 10

# Berei voor vir die eksamen

### Aktiwiteit 144: Hersien luister en praat

### Aktiwiteit 145: Leesbegrip

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

- Bestudeer die titel. Waarom sou jy sê word hierdie skelm as een van die domste misdadigers beskou?  
**Dis baie dom om te dink jy kan goedere steel en met 'n kruise probeer wegkom sonder dat jy gevang word.**
- Bestudeer die subtitel. Skryf die twee woorde wat in direkte kontras met mekaar staan neer.  
**Stadigste en jaagtog.**
- Waarmee boer 'n suiwelboer?  
**Met koeie wat melk verskaf.**
- Skryf uit die leesstuk twee woorde neer wat min of meer dieselfde beteken as *skelm* of *misdadiger*. **Booswig en skurk.**
- Waarom het die boer die skelm op 'n veilige afstand gevolg?  
**Hy wou nie gehad het die skelm moet agterkom hy word agtervolg nie.**
- Wat, dink jy, is die rede dat die polisie nie die boer wou glo nie?  
**Dit is ongewoon dat 'n skelm kan wegkom moet gesteelde goedere in 'n kruise as hy deur iemand in 'n motor agtervolg word.**
- Skryf 'n woord uit paragraaf 3 neer wat dui dat:
  - 7.1 die agtervolging baie stadig was. **Slakkepas.**
  - 7.2 die skelm baie moeg was. **Pootuit.**
- Bestudeer die spotprent.
  - 8.1 Word hierdie uitbeelding letterlik of figuurlik bedoel? Verduidelik jou antwoord.  
**Letterlik. Die pop is van strooi gemaak en staan in 'n droë grasland.**
  - 8.2 Wat word 'n pop genoem wat in 'n vrugteboord of groentetuin opgerig word om voëls weg te hou? **Voëlverskrikker.**
- Bestudeer die grappie. Watter afleiding kan 'n mens maak ten opsigte van die vrou se sang en musiekspel?  
**Sy sing en speel nie goed nie.**
- Bestudeer die titel van die strokie. Kan 'n mens uit die titel 'n afleiding maak waaroor die strokie min of meer gaan handel?  
**Ja. Die strokie gaan handel oor een of ander aspek van grootword.**
- Verduidelik wat in raampie 3 gebeur het.  
**Die seun het sy suster gestamp toe val sy voor die seun wat sy graag wou ontmoet.**
- Hoe verskil die gesigsuitdrukkings van die twee maats in die laaste raampie?  
**Die een lyk tevrede en bly. Die ander een is woedend.**
- Wat bedoel die meisie met die woorde *Ek is nie so seker dieselfde gaan van jou gesê kan word nie* (raampie 4).

Sy is baie kwaad. Sy het 'n probleem daarmee dat haar broer haar omgestamp het. Sy gaan haar broer op een of ander manier terugkry vir wat hy aan haar gedoen het.

### **Aktiwiteit 146: Opsomming**

Voorgestelde memorandum

1. Alle mens hik soms.
2. Hik word aangehelp deur sekere dinge.
3. Daar is boererate teen hik.
4. 'n Effektiewe raad.
5. Hik kan ernstige gevolge hê.

Aktiwiteit 147: Hersien prosa

Aktiwiteit 148: Hersien 'n kortverhaal

## Aktiwiteit 149: Hersien poësie

### Opdrag

Kies uit die onderstaande die korrekte antwoord en soek dit op die woordspeletjie.

personifikasie, ellips, enjambement, ironie, ABAB, alliterasie,  
ABBA, koeplet, vergelyking, metafoor, refrein, titel, kwatryn, poësie

Q	P	G	G	E	H	A	D	G	F	M	W	G	A	R
W	E	N	J	A	M	B	E	M	E	N	T	B	C	T
I	R	O	N	I	E	A	E	N	L	D	R	N	X	Y
E	S	H	K	T	J	B	T	M	L	A	Y	M	Z	Q
R	O	K	W	A	T	R	Y	N	I	A	S	D	F	G
T	N	K	G	D	K	N	M	F	P	O	E	S	I	E
Y	I	F	B	G	L	M	R	T	S	T	R	E	W	A
U	F	T	N	J	R	E	F	R	E	I	N	T	R	E
G	I	B	C	D	Y	W	O	I	M	T	V	A	Z	B
I	K	O	E	P	L	E	T	W	R	E	I	O	P	G
O	A	I	M	K	N	W	T	U	I	L	P	E	R	T
P	S	O	L	A	L	L	I	T	E	Y	A	S	I	E
T	I	P	S	S	A	S	D	F	G	H	T	B	G	H
V	E	R	G	E	L	Y	K	I	N	G	E	R	B	D
E	D	R	F	A	S	D	R	T	Y	U	O	P	S	A
R	S	T	M	E	T	A	F	O	O	R	W	R	K	A

## Memorandum

Q	P	G	G	E	H	A	D	G	F	M	W	G	A	R
W	E	N	J	A	M	B	E	M	E	N	T	B	C	T
I	R	O	N	I	E	A	E	N	L	D	R	N	X	Y
E	S	H	K	T	J	B	T	M	L	A	Y	M	Z	Q
R	O	K	W	A	T	R	Y	N	I	A	S	D	F	G
T	N	K	G	D	K	N	M	F	P	O	Ë	S	I	E
Y	I	F	B	G	L	M	R	T	S	T	R	E	W	A
U	F	T	N	J	R	E	F	R	E	I	N	T	R	E
G	I	B	C	D	Y	W	O	I	M	T	V	A	Z	B
I	K	O	E	P	L	E	T	W	R	E	I	O	P	G
O	A	I	M	K	N	W	T	U	I	L	P	E	R	T
P	S	O	L	A	L	L	I	T	E	Y	A	S	I	E
T	I	P	S	S	A	S	D	F	G	H	T	B	G	H
V	E	R	G	E	L	Y	K	I	N	G	E	R	B	D
E	D	R	F	A	S	D	R	T	Y	U	O	P	S	A
R	S	T	M	E	T	A	F	O	O	R	W	R	K	A

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wanneer iemand om groter effek te verkry, die teenoorgestelde sê as wat hy bedoel. **Ironie.**
2. Watter beeldspraak kom voor in: *Jou slang, jy het my bedrieg.* **Metafoor.**
3. Watter beeldspraak tref ons aan in: *Hy is so vinnig soos blits.* **Vergelyking.**
4. 'n Strofe wat uit slegs twee versreëls bestaan word so genoem. **Koeplet.**
5. Die rymskema wat as omarmde rym bekend staan. **ABBA**
6. Die drie weglatingstippels. **Ellips.**
7. Die rymskema wat as kruisrym bekend staan. **ABAB**
8. Watter beeldspraak word aangetref in: *Die sterre knipoog vir die maan en fluister geheime aan die nag.* **Personifikasie.**
9. Wanneer een versreël oorgaan tot 'n volgende versreël sonder dat leestekens gebruik word. **Enjambement.**
10. Dit ontsluit gewoonlik die inhoud van die gedig. **Titel.**
11. 'n Sinoniem vir die woord *gedigte*. **Poësie.**
12. Die koorgedeelte van 'n gedig. **Refrein.**
13. 'n Strofe wat uit vier versreëls bestaan word so genoem. **Kwatryn**



## Aktiwiteit 150: Hersien stelwerk

### Aktiwiteit 151: Geïntegreerde taaloefening

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Die woorde *oudste en grootste* (paragraaf 1) is in die oortreffende trap geskryf. Skryf die vergrotende trap van hierdie twee woorde neer.  
**Ouer en groter.**
2. Skryf die rede neer vir die gebruik van die komma in die eerste sin van die leesstuk  
**Tussen twee gesegdes word daar 'n komma geplaas.**
3. *Fossiele* is die meervoud van die woord *fossiel*. Gee die meervoud van die volgende woorde:
  - 3.1 kalf – **Kalwers**
  - 3.2 brug – **Brûe**
  - 3.3 speelding – **Speelgoed**
  - 3.4 lewe – **Lewens**
4. *Hulle het behoue gebly in die vorm van fossiele* (paragraaf 1).
  - 4.1 Skryf twee woorde neer waarin diftonge voorkom en onderstreep die diftonge.  
**Behoue en gebly.**
  - 4.2 Skryf 'n voorbeeld van 'n woord neer waarin by uitspraak 'n klank voorkom wat nie met 'n letter aangedui word nie.  
**Vorm. By uitspraak is dit vorjm.**
  - 4.3 Skryf 'n voorbeeld van moontlike assimilasie neer.  
**In die uitgespreek as inni.**
5. *Daar was dinosourusse van alle groottes* (paragraaf 1.) Gebruik die woord *grote* en maak 'n sin daarmee sodat die betekenis van die woord *grote* duidelik na vore kom.  
**Volgens die visserman het hy 'n byt aan sy hoek gehad, maar die ou grote het weggekrom.**
6. Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer. Die (ontdek) van die fossiele was 'n groot (fonds).  
**Ontdekking. Vonds.**
7. Die woord *geëet* word met 'n deelteken geskryf om die begin van 'n nuwe lettergreep aan te dui. Skryf die volgende woorde oor en voorsien van deelttekens waar nodig.
  - 7.1 dieet – **Geen deelteken nie.**
  - 7.2 speel – **Spieël.**
  - 7.3 reunie – **Reünie.**
8. Dui die geslagsvorme van *kameelperd* (paragraaf 1) aan.  
**Kameelperdbul en kameelperdkoei.**
9. Die intensiewe vorm van die woord *hoë* (paragraaf 1) is *hemelhoë*. Wat is die intensiewe vorme van die volgende woorde:
  - 9.1 beroemd – **Wêreldberoemd**
  - 9.2 bekend – **Alombekend.**

10. *Hy het groot tande, gespierde kake en enorme vinne soos roeispane gehad* (paragraaf 2).  
Ontleed hierdie sin en skryf neer:
- 10.1 die gesegde – **Het gehad.**
  - 10.2 die onderwerp – **Hulle.**
11. Is die laaste sin van die leesstuk 'n enkelvoudige of 'n saamgestelde sin? Motiveer jou antwoord.
- Saamgestelde sin, want dit bevat meer as een gesegde.**
12. *Die argeoloog het 'n fossiel ontdek.* Skryf die sin oor in:
- 12.1 die lydende vorm  
**'n Fossiel is deur 'n argeoloog ontdek.**
  - 12.2 die ontkenende vorm.  
**Die argeoloog het nie 'n fossiel ontdek nie.**
13. Dui aan of die onderstaande woorde gevorm is deur middel van afleiding, samestelling of samestellende afleiding:
- 13.1 *Hoë* (paragraaf 1) – **Afleiding.**
  - 13.2 *Seemonster* (paragraaf 2) – **Samestelling.**
  - 13.3 *Motortjie* (paragraaf 2) – **Afleiding.**
14. 'n Klomp kameelperde bymekaar noem ons 'n trop. Wat noem ons:
- 14.1 'n klomp voëls wat saam vlieg?  
**Swerm voëls.**
  - 14.2 'n groot hoeveelheid visse wat saam in die see aangetref word?  
**Skool visse.**
15. Skryf neer watter soort voornaamwoord die woord *waarmee* (paragraaf 1) is.
- Betreklike voornaamwoord.**
16. *Hy het groot tande, gespierde kake en enorme vinne soos roeispane gehad* (paragraaf 2).  
Verander hierdie sin wat 'n stelsin is in 'n vraagsin. Jy mag geen woorde byvoeg of weglaat nie. Skommel slegs die woorde sodat dit 'n vraag word.
- Het hy groot tande, gespierde kake en enorme vinne soos roeispane gehad?**